UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 6

DIE JODE EN DIE HEROPBOU IN TRANSVAAL: 1902-1910

Die heropbou van die Joodse gemeenskap in Johannesburg en Pretoria het reeds geleidelik tydens die Britse tydperk vanaf Junie 1900 'n aanvang geneem, toe die Jode wat daar bly woon het, hulle lewenswyse op 'n beperkte wyse voortgesit het. In werklikheid sou die heropbou van die Joodse gemeenskap in Transvaal eers met die vredesluiting in 1902 in beweging kom. Hoewel die na-oorlogse omstandighede in Transvaal deur politieke, industriële, ekonomiese, sosiale en kulturele ontwrigting gekenmerk is, was die meeste Joodse vlugtelinge gretig om na hulle woon- en werkplekke, en veral na hulle gemeenskapslewe, terug te keer. Daarom fokus hierdie hoofstuk op die *eksterne* en *interne* omstandighede wat as struikelblokke ervaar is waarmee Jode tydens die heropbou van die gemeenskap in Transvaal gekonfronteer is. *Eksterne* omstandighede het onder meer verband gehou met die frustrasie wat talle Jode wat steeds elders verspreid gewoon het, ervaar het om verlof te kry om na Transvaal terug te keer. Daarbenewens het Kaapse wetgewing Joodse immigrasie bemoeilik in 'n tyd toe pogroms in Oos-Europa juis emigrasie genoodsaak het. *Interne* omstandighede het verband gehou met die uitdagings wat Jode ervaar het om na 'n afwesigheid van bykans drie jaar weer ekonomies aktief te raak, hulle gemeenskapslewe op te bou en by die nuwe Transvaalse-gemeenskap gewortel te raak.

SOSIALE OMSTANDIGHEDE EN JOODSE REPATRIASIE

Nadat vrede gesluit is, het die gemeenskap in Transvaal nuwe sosiale werklikhede beleef.[1] Enersyds, moes die Transvalers hulle politieke onafhanklikheid en sosiale identiteit prysgee. Andersyds, was sosiale strukture in die landelike gebiede sodanig verwoes dat menslike oorlewing op die spel was en post-traumatiese stres voorgekom het.[2] Daarbenewens het die meeste Uitlanders, wat 'n groot aantal Jode

---

1 *The Star* 18 June 1902 beskryf die omstandighede waaronder Jode en *Gentiles* met Lord Kitchener en die nuwe bedeling bekend gestel is.

2 W. Jordaan, Die trauma duur voort. In *Rapport* 21 Oktober 2001, p. 29; D. L. Sowden, Transvaal Jewry, 1902-1910. In G. Saron and L. Hotzm (eds.), *The Jews in South Africa:*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingesluit het, tydens die Anglo-Boereoorlog groot finansiële verliese gely toe die myne en besighede moes sluit en die meeste van hulle sonder 'n vaste inkomste Transvaal moes verlaat. Hulle is ook van hulle gemeenskappe met godsdienstige instellings en welsynsinstansies vervreem. Daarenteen het talle Jode selfs hulle lewens tydens die oorlog vir òf die Britse- òf die Boeresaak opgeoffer. In 'n brief aan *The Star* het 'n skrywer na die nooddruftige omstandighede van die Boere wat na hulle plase moes terugkeer, verwys en die gevolge uitgelig wat dit vir die ekonomiese ontwikkeling in Transvaal sou inhou.[3] Maar die Boere se haglike finansiële posisie en wanhopige ingesteldheid het nie ongemerk by Jode, soos Sammy Marks, verby gegaan nie, "[he] was touched by the plight of the returning *bittereinders* and by the youthfulness of so many of them...Marks made substantial loans to the Boer generals, including C. de Wet...L. Meyer... Marks [also] helped to rehabilitate General De la Rey..."[4] Hieroor het De la Rey met waardering verklaar: "That old Jew has been the greatest friend that I have had; he saved my family and me...but he did for me what I never thought anyone would do, what no Christian, no Englishman, none of my own people ever thought of doing."[5] Hierdie optrede van Marks kan nie as omkopery, waarvan hy soms beskuldig is, beskou word nie.[6] Sy medemenslikheid teenoor mense wat in nood verkeer het, was deurgaans een van sy karaktereienskappe.

Die meeste Transvaalse Jode moes, net soos die Boere, hulleself nie net aan 'n nuwe politieke administrasie onderwerp nie, maar moes na 'n afwesigheid van ongeveer drie jaar weer in hulle gemeenskappe gewortel raak. Die historikus, G. Saron verduidelik dat, "the first post-war harvest had failed because of the worst drought experienced for forty years,"[7] wat sake vererger het. Daarbenewens het 'n depressie geheers en was werkloosheid aan die orde van die dag. Talle werkloses

---

A history, 1955, p. 214 bevestig hierdie stelling as sy beweer: "Meanwhile, the destitution among the victims of war, who had lost their farms, homesteads, their means of livelihood...led to a [feeling of] depression."

3 *The Star*, 26 August 1902.

4 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 141; A. H.Duminy and W. R. Guest (eds.), *Fitzpatrick: South African politician selected papers, 1888-1906,* 1976, p. 325.

5 J. Meintjes, *De la Rey- Lion of the West: A biography,* 1966, pp. 290-291.

6 E. E. Pretorius, se resensie oor R. Mendelsohn se biografie *Sammy Marks: "The uncronwed king of Transvaal"*, 1992, pp. 98-99.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat in Johannesburg se strate rondgedwaal het, het soms in hierdie omstandighede, uit wanhoop selfmoord gepleeg.[8] Baie Jode het aangevoel dat die Boere te midde van die nuwe staatkundige en sosiale werklikhede nie meer so vriendelik soos voorheen was nie. 'n Joodse handelaar, B. Patley, het dit sò verwoord: "The Boers were ill at ease and found it hard to settle down under the new regime."[9] 'n Ander Jood, A. Sarenkin, het beweer: "After the Boer War, the Boers seemed to change. They became bitter."[10] Nog 'n Jood, I. Mofson, het dié vervreemdheid ook opgemerk en tot die gevolgtrekking gekom dat "the growing generation of Boers in the country were not as friendly as their fathers and grandfathers had been."[11] Die oorlog het nie net 'n verandering in die sosiale identiteit van die Boere te weeg gebring nie maar ook daartoe bygedra dat, hoewel hulle oor die algemeen nie anti-Semities ingestel was nie, hulle meesal 'n anglofobiese houding ingeneem het wat selfs in haat en verbittering gemanifesteer het.[12]

Tydens hulle verblyf in die Kaapkolonie het heelwat Joodse vlugtelinge, veral na aanleiding van die anti-Boerepropaganda wat in die pers voorgekom het, met die Britte geïdentifiseer.[13] 'n Jood, S. Epstein, het erken dat hulle: "Were pro-British in sentiment...[in the ZAR our] rights were being denied...."[14] Nog 'n Jood, L. Yatt, het beweer: "With the British came a sense of security. An English Jew, major Davis, headed the British Police. He was a strict but very charming man. There was much more law and order under the British."[15] 'n Ander Jood, D. Hayden, het op sy beurt beweer dat die verhouding wat van vroeg af met die Britse owerhede opgebou is daartoe aanleiding gegee het dat talle Jode "supported the Progressive Party because they felt this would secure peace in South Africa and give them citizen status...."[16] Die meeste Jode was dus na die oorlog anglofilies ingestel omdat hulle gemeen het dat die Britse heerskappy voordelig sou wees en dat hulle daardeur

---

7 G. Saron, Jewsih immigration, 1880-1913. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 95.

8 *De Volkstem*, 25 November 1905. (LW. *Volkstem* word nou net met een s gespel)

9 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met B. Patley gevoer is.

10 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met A. Sarenkin gevoer is.

11 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1953 met I. Mofson gevoer is.

12 Dié stelling is gemaak na aanleiding van gesprekke wat die navorser tydens haar kinderjare met haar grootmoeder en talle tantes wat in die konsentrasiekampe was, afgelei het.

13 *The Cape Times*, 4 March , 1 May 1901.

14 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met S. Epstein gevoer is.

15 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met L. Yatt gevoer is.

16 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1953 met D. Hayden gevoer is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

menswaardigheid, selfrespek en 'n gevoel van sosiale sekuriteit sou verkry. I. Heyman het dit sò verwoord:

> To the Jews the new regime made a great difference. Previously most of them were what to-day called "stateless." The "Dutch" administration had always been very kind. But under Boer Government few Jews were burghers...Now they all became British subjects...this gave them confidence and satisfaction.[17]

Tydens 'n byeenkoms van die *Pretoria Jewish Social and Literary Club* het die Joodse ondernemer M. Langermann, in 'n lang toespraak die onderwerp "Jews as British citizens", die aandag op die voorreg van Britse burgerskap vir Jode gevestig. Langermann het Jode wat uit Oos-Europa moes vlug, herinner aan die gasvryheid wat hulle in Brittanje geniet het toe hulle noodgedwonge verplig was om in die Joodse toevlugsoord in Brittanje te vertoef, voordat hulle plek op 'n boot na Suid-Afrika kon kry. Hy het hulle ook daarop gewys dat hulle in Transvaal vryheid kon geniet. Die Duitsgebore Langermann het Jode verseker:

> Once an Englishman, always an Englishman, and even if the great dream of Zion should be happily one day fulfilled, the prayers and thanksgiving of our race must be offered up to the great people who have done so much to enable us to live open, brave lives, and who have given us the opportunity to win dignity and respect before the world in the darkest and most horrible periods of our oppression.[18]

Hoewel Joodse repatriasie geleidelik'n aanvang geneem het toe Jode soos H. Marks, M. Aronstein, L. M. Cohen, J. Nathan en B. Gallinowzki, reeds vroeg in Mei 1902 met verlof van die owerhede in Kaapstad, na Transvaal teruggekeer het,[19] was dit eers met Sammy Marks se terugkeer vanaf Vereeniging, in Junie 1902, dat die vrede vir die Jode 'n werklikheid geword het. Die persepsie het by Jode ontstaan dat "the masses and the politicians were full of hope. The world seemed stable and potentially prosperous."[20] Die repatriasieproses was dus afhanklik van die welwillendheid van die owerheid se *Central Refugee Committee,* wat verantwoordelik was vir die uitreiking van permitte aan Uitlanders om terug te keer. Hierdie komitee het aanvanklik voorkeur verleen aan *wenslikes* soos verteenwoordigers van die industriële gemeenskap, veral diegene wat mynbou

---

17 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met I. Heyman gevoer is.

18 *The Pretoria News*, 28 February 1905.

19 *The Star,* 12, 13 May 1902.

20 F. Barlow, Eighty years of change. In *Jewish Affairs*, March 1985, pp. 39-52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beoefen het, asook handelaars, landbouers en mense wat noodsaaklike dienste gelewer het. Dié komitee moes ook volgens 'n swartlys wat aan hulle beskikbaar gestel is, verseker dat *onwenslike* Jode verhoed sou word om na Transvaal terug te keer. In 'n telegram het die militêre goewerneur daarop gewys dat sekere vreemdelinge gedeporteer moes word sodat "this measure will rid town of some two thousand Peruvians...in fact all criminal class."[21] Hoewel die woord Jood gewoonlik nie genoem is nie is beweer "the Peruvians are a wholly objectable element and the more of them that can be sent down the better."[22] Die Hoë Kommissaris vir Transvaal, Lord A. Milner, se besliste doelwit was om 'n Britse atmosfeer te skep en *skoon,* dit wil sê, sonder beweerde *Peruvians* of ander "onwenslikes" te begin. Die historikus, R. Krut, verduidelik:

> Milner was determined to prevent the 'Peruvian problem' from being transported to Johannesburg. He set about stopping the departure of undesirable immigrants from Eastern Europe, deporting back to England and Europe those who arrived during the War, and regulating the re-admission of East Europeans to Johannesburg.[23]

Ten spyte daarvan dat die meeste *Ostjuden* as vlugtelinge in die Kaapkolonie Britse burgerskap verkry het, het die owerhede in Transvaal nie hulle Britse status erken nie. Die *Ostjuden* het derhalwe veral moeite ondervind, en moes lank wag om permitte te verkry om na Transvaal terug te keer. Die aansoeke om permitte van mense met "vreemde" name moes ook eers deur die kommissaris van polisie ondersoek word. Indien enige *onwenslikhede* vermoed is, is sulke aansoeke gewoonlik summier geweier. Die aansoek van 'n Jood, J. Lifschutz, is byvoorbeeld sonder 'n besondere rede deur militêre owerheid in Pretoria afgekeur, waarop hy na Europa gedeporteer is.[24] 'n Soortgelyke voorval toe ene Saunders belet is om in Transvaal te woon, is deur *The Pretoria News* onder die opskrif: "A wandering Jew...Ordered to leave Transvaal," beskryf. By nadere ondersoek is bevind dat hy, sonder 'n permit betrap is en "was ordered to shake the plentiful dust of

---

21 TAB MGP FK 1909, M 143. Re: Military Governor Johannesburg - Lord Roberts, 3.7. 1900.

22 TAB Politieke Sekretaris van die veldmaarskalk (PSY), 52, J 7: Re: Political Secretary Colonel Mackenzie, 9. 7. 1900.

23 R. Krut, The making of a South African Jewish community in Johannesburg, 1886-1914. In B. Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict,* 1987, p. 142.

24 TAB: *Provost Marshall and army Headquarters* (PMO), 45, PM 303/ 02. Re: Aansoek J. Lifschutz, 1902.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaal off his forbidden feet before the end of the month."[25] 'n Boerejoodse krygsgevangene, A. Hollard, se aansoek om vanaf Durban na Transvaal terug te keer, is ook met suspisie bejeen. Volgens die *Criminal Investigation Department* se bevindings sou sy vader, die Joodsgebore regsgeleerde W. E. Hollard (alias Muzick alias Lunandowski), 'n fortuin met spekulasie verdien het sodat hulle hom van "shady dealings" verdink het. Boonop was Hollard senior, ook 'n lid van die komitee van die Nederlandse Bystandsfonds, wat teen hom getel het. Hierdie konfidensiële verslag is saam met Hollard se aansoek om 'n permit aan die kommissaris van Polisie in Pretoria vir afhandeling gestuur.[26]

In September 1902 het die president van die Sioniste Federasie, S. Goldreich, wat tydens sy verblyf in Kaapstad vir Milner leer ken het, die lot van die Joodse vlugtelinge ter harte geneem. Goldreich, 'n toegewyde Sionis, het die internasionale leier van Sionisme, dr. T. Herzl, gekontak en hom raad gevra oor die lot van die Joodse vlugtelinge. Herzl het hom aangeraai om Milner se goedgesindheid te wen sodat hy die Jode wat na Transvaal wou terugkeer, kon begunstig.[27] Hoewel Milner streng voorvereistes vir toelating tot Transvaal gestel het om die *Peruvian-probleem*[28] te voorkom, het hy vir Goldreich en enkele medewerkers toegelaat om die aansoeke om repatriasie te ondersoek en hom daaroor te adviseer. Goldreich en sy span het die aansoeke soms tot laat in die nag in 'n skoolkamer van die sinagoge noukeurig oorweeg en het toelating vir 13 000 Jode bewerkstelling. Die vertroue in Goldreich was sodanig dat "every recommendation he made was accepted."[29] Die repatriasie van Jode het nogtans nie maklik verloop nie. Daar is ook nie vermeld hoeveel aansoeke geweier is nie.[30] Wat wel bekend is, is dat Goldreich persoonlik sekere van dié terugkerende Jode finansieel ondersteun het.

---

25 *The Pretoria News*, 6 November 1904.

26 TAB PMO C5/530/02. Re: Aansoek A. Hollard, krygsgevangene, 1902.

27 G. Shimoni, *Jews and Zionism: The South African Experience 1910-1967*, 1980, pp. 14-15; M. Kaplan, Raphaely-saga. In *Buurman*, Junie-Augustus 1982, p. 21. Die wenslike kriteria vir toelating word nie genoem nie maar dit sou beslis verband gehou het met etiese norme ten opsigte van armoede verligting soos drankhandel, prostitusie en so meer.

28 R. Krut, The making of a South African Jewish community in Johannesburg, 1886-1914. In B. Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict*, 1987, p.142.

29 G. Saron, The long road to unity. In G.Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 228.

30 M. Gitlin, *The vision amazing: The story of South African Zionism.* 1950, pp.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Baie van hulle was net nie in staat om op eie koste na Transvaal terug te keer nie.[31] *The Star* het hierna erkenning aan Goldreich gegee "who worked so zealously for them [the returning Jews] without fee or reward...," en die owerheid verseker dat hierdie Jode lojale Britse burgers sou wees.[32]

Sommige Jode het gewonder of die owerheid die *onwenslikheid* as 'n besondere rasse-eienskap beskou het wat alle *West-* en *Ostjuden* sou insluit en of dit net na 'n besondere klas Jode verwys het?[33] Dit het duidelik geword dat *onwenslikheid* na 'n besondere stereotipe, die *Peruvians,* verwys het wat verarmde en immorele Jode ingesluit het. In hierdie verband beweer die Sionistiese historikus, M. Gitlin, "Milner had only the friendliest feelings for the Jews and he abhorred anything that savoured of what he called 'an ungenerous attitude' towards them."[34] Gitlin het waarskynlik haar opinie van Milner gegrond op die inhoud van 'n brief van hom wat tydens 'n groot saamtrek van die Sioniste in September 1902 gelees is. Hierin het Milner die Jode verseker: "All British subjects will be treated alike...whatever the specifications of the franchise...I have no prejudice against Jews as Jews...Why shall I expect the Jews in the Transvaal to be different?"[35] Die gerugte wat die rondte gedoen het dat Jode voortaan in Transvaal 'n vreemdelingstatus sou beklee en dat "foreign born co-religionists would not be allowed naturalization,"[36] wou Milner waarskynlik met hierdie brief ontken. Gitlin is ook glad nie krities ingestel oor die wyse waarop Jode se aansoeke om na Transvaal terug te keer, oorweeg is en in sommige gevalle afgekeur is nie. Sy verwys ook nie daarna dat *Ostjuden* wat tydens, en net na die oorlog, in die Kaapse hawe aangekom het, deur Milner na hulle lande van herkoms teruggestuur is nie.[37]

73-75; G. Saron, The long road to unity. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A History,* 1955, p. 228.

31 M. Gitlin, *The vision amazing: The story of South African Zionism,* 1950, p. 77.

32 *The Star,* 29 December 1902, 3 April 1903.

33 R. Krut, The making of a South African Jewish community in Johannesburg, 1886-1914. In B. Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict,* 1987, p. 143.

34 M. Gitlin, *The vision amazing: The story of South African Zionism,* 1950, pp. 74-75.

35 *The Star*, 8 September 1902.

36 *Ibid.*

37 *The Cape Times*, 9 January 1900. Hierdie insidente is in hoofstuk 5 behandel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daarenteen het ander *eksterne* gebeure ook eise aan hulle sosiale aanpassing gestel. Die eerste was die *Cape Parlement of the Immigration Restrictions Act, No. 47 of 1902*, wat ingestel is om die groot getal vreemde immigrante, soos Asiate en Jiddisjsprekende *Ostjuden* wat by familielede en vriende in Transvaal wou aansluit, verhoed om te land.[38] Die volgende kategorieë persone is in hierdie verband deur die Wet geïdentifiseer:

> (a) Any person who, when asked to do so by any duly authorised officer, shall be unable through deficient education to himself write out and sign in the characters of any European language, an application to the satisfaction of the minister.
>
> (b) Any person who is not in possession of visible means of support or is likely to become a public charge.
>
> (c) Any person who has been convicted of any of the following offences, that say, murder, rape, theft, fraud, perjury or forgery, and who by reason of the circumstances connected with such offence is deemed by the Minister to be an undesirable.
>
> (d) Any person who is a lunatic within the meaning of the second section of the Lunacy Act, 1897.
>
> (e) Any person, male or female, who lives on or knowingly receives any part of the proceeds of prostitution.
>
> (f) Any person who from information officially received by the Minister, or through diplomatic channels, from the Minister of any foreign country is deemed by the Minister to be an undesirable.[39]

Die voornemende immigrante moes ook 'n middeletoets slaag om te bewys dat hulle "visible means of support" gehad het voordat hulle toegelaat is om te land. Dié bedrag van £5 wat van elke voornemende immigrant vereis is, is in 1904 na £20 verhoog wat gevolglik beteken het dat immigrasie nie vir almal beskore was nie.[40] Die implementering van die beperkings op Joodse immigrasie het daartoe gelei dat die skeepsmaatskappye teen die nuwe wetgewing geprotesteer het, aangesien hulle "onwenslike" *Ostjuden* aan boord sou gehad het.[41] Daarbenewens wou die Britse

---

38 S. Cohen, The historical background. In M. Arkin (ed.), *South African Jewry: A contemporary survey*, 1984, p. 5; G. Saron, Jewish immigration, 1881-1913. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history,* 1955, pp. 85-104 verduidelik hierdie probleem ten volle.

39 E. M. Jackson (ed.), *Statutes of the Good Hope, 1652-1905,* 1906, pp. 4531-4532.

40 G. Schrire, In the belly of the whale: The Journey to South Africa 1880-1910. In *Jewish Affairs*, Winter 1994, p. 17; G. Saron, Jewish immigration, 1880-1913. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A History,* 1955, p. 92-101.

41 A. Newman, Why did our Lithuanian grandparents come to South Africa? In *Jewish Affairs*, Winter 1994, p. 11. Newman beweer dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

owerheid ook nie self 'n groot aantal Jode akkomodeer nie.[42] Dit het meegebring dat die beperkings gedeeltelik opgehef is en Jode kon land mits hulle kon bewys dat hulle geskikte werk sou hê en nie 'n las vir die gemeenskap sou wees nie. Die taalprobleem is oorkom deurdat die Joodse joernalis, D. Goldblatt, verlof toegestaan is om as tolk op te tree.[43] In totaal is 59 Joodse immigrante in 1904, 27 in 1905, 39 in 1906, 21 in 1907 en 9 in 1908 toegang tot die Kaapse hawens geweier. Geen rekords is vir die ander jare beskikbaar nie.[44] Na vele onderhandelinge is Jiddisj as 'n Europese taal in 1905, eers in die Kaapkolonie en in 1907 in Transvaal, erken en kon immigrasie meer vrylik plaasvind.[45]

Die derde eksterne struikelblok was die toename van pogroms in Rusland wat vanaf 1903 voorgekom het en wat die gevolg gehad het dat *Ostjuden* op kort kennisgewing uit hulle huislike omgewings, dikwels sonder die nodige lewensmiddele en dokumente, moes vlug om in Transvaal by hulle familielede en vriende aan te sluit.[46] Saron beweer dat die *Ostjuden* gretig was om hulle verwante, veral vroue en kinders, na Transvaal te bring."[47] As dit in gedagte gehou word dat "those early travellers were strangers, burdened by ignorance of the language and customs around them, and with traditions of worship and diet that made travel difficult,"[48] is dit verstaanbaar dat emigrasie 'n besondere uitdaging ingehou het.

---

skeepsmaatskappye waarskynlik 'n groter rol gespeel het om Jode uit Litaue na Suid-Afrika te bring aangesien " a berth that is empty when the ship sails is a lost sale that can never be replaced...the two shipping companies were heavily dependent on their [Jewish] Shelter clients."

42 G. Saron, Jewish immigration, 1880-1913. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A History,* 1955, p. 93.

43 E. Bradlow, Exploiting the defenceless: A small episode in early South African Jewish immigration. In *Jewish Affairs*, Winter, 1994, p. 19.

44 G. Saron, Jewish immigration, 1880-1913. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, pp. 91-99 kan vir meer besonderhede geraadpleeg word.

45 G. Saron, The long road to unity. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 258.

46 *Land en Volk,* 21 April 1905; *The Star,* 6 November 1905.

47 G. Saron, Jewish immigration, 1880-1913. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 99.

48 G. Schrire, In the belly of the whale: The Journey to South Africa 1880-1910. In *Jewish Affairs*, Winter 1994, p. 13. In hierdie artikel word die haglike omstandigehede geskets waaronder *Ostjuden* na Suid-Afrika gereis het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat daar in 1903 ongeveer 800 Jode betrap is wat geen permitte gehad het om in Transvaal te woon nie, is hulle deur uitsetting bedreig. Probleme wat met permitte ervaar is, beperkings op immigrasie en pogroms wat in Rusland voorgekom het, het aanleiding daartoe gegee dat Anglo-Jode soos Langermann, H. Solomon, B. Danziger, B. Alexander en M(anfred) Nathan 'n behoefte gevoel het om 'n sekulêre liggaam in die lewe te roep wat kon toesien dat Jode gelyke politieke en sosiale regte sou geniet.[49] Op hierdie wyse het die *Jewish Board of Deputies* (JBD) vir Transvaal en Natal op 28 Julie 1903 tydens 'n openbare vergadering in Johannesburg, onder die leierskap van Langermann en rabbi dr. J. H. Hertz, met Milner se goedkeuring, tot stand gekom.[50] Die doelwitte van die JBD was om as 'n erkende verteenwoordiger van die Joodse gemeenskap in Transvaal en Natal, as 'n spreekbuis vir Jode en 'n bemiddelaar by die owerhede, te dien. Dié Raad moes toesien dat Jode se godsdiens- en burgerregte nie aangetas sou word nie en dat die Joodse gemeenskapslewe bevorder en verryk sou word. Milner het tydens die stigtingsvergadering in 'n omvattende toespraak die stigting van so 'n verteenwoordige Raad verwelkom omdat dit 'n legitieme liggaam sou wees indien probleme ten opsigte van Joodse aangeleenthede sou voorkom. 'n Voormalige redakteur van die *Sunday Times* en *Sunday Express*, dr. J. Mervis, wys byvoorbeeld op 'n probleem wat *Ostjuden* gehad het, naamlik dat hulle twee dokumente moes toon om hulle identiteit te bewys: "A white pass [from a mayor of a Russian town] and a green pass [from the governor of the Russian district]...Without both those passes they had no status at all."[51] Diegene wat hulle tuislande gewoonlik vinnig en onder moeilike omstandighede moes verlaat, kon nie altyd aan hierdie vereistes voldoen nie.

---

49 *The Star*, 23 March 1903; G. Saron, The long road to unity. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, pp. 226-269 beskryf hierdie proses in volle besonderhede; S. Cohen, The historical background. In M. Arkin (ed.), *South African Jewry: A contemporary survey*, 1984, pp. 1-22, verduidelik dat dit veral die immigrasieprobleem was wat uiteindelik tot die stigting van die JBD gelei het.

50 G. Saron, Equality for the Jews. In *Jewish Affairs*, May 1978, p. 24, verduidelik dat die JBD vanaf 1912 met die vereniging in Kaapland verenig is en as die *South African Jewish Board of Deputies* (SAJBD) bekend gestaan het.

51 J. Mervis, Jewish life in Johannesburg in 1903. In *Jewish Affairs*, December 1983, p. 19.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verantwoordelikheid van die JBD was onder andere ook om Jode te help om Britse burgerskap te verkry[52] "to ensure that Jews living in South Africa would enjoy full equality...[not] subject to disabilities or discrimination due to race or creed."[53] *De Volkstem* het gepas na die JBD as *De Komité van Waakzaamheid* verwys.[54] Teen 1905 het die JBD 'n brief aan lord W. W. P. Selborne, wat Milner opgevolg het, gerig om hom in te lig oor die samestelling van die raad en die doelwitte waarna gestreef word. Selborne is daarvan verseker dat die JBD aan die wetgewende openbare instellings onderworpe sou wees om sodoende die gemeenskap se belange te verseker. Daarom het die JBD vir Selborne uitgenooi om advies en ondersteuning aan dié raad te verleen.[55]

Die Sioniste onder die leierskap van Goldreich, het dit aanvanklik betreur dat daar tot die stigting van die JBD oorgegaan is, aangesien hulle daarvan oortuig was dat die Sioniste-organisasie na al die Jode se belange sou kon omsien. Daarbenewens het party van die *Ostjuden* beswaar gemaak teen die beweerde "kilheid" van die Engelssprekende leiers van dié nuwe Raad.[56] Nadat 'n vergadering deur 'n aantal ontevredenes gehou is, is die mening uitgespreek: "That this meeting does not recognise any Jewish Board of Deputies or any Jewish institution on the Rand, as the representatives of the Jewish population on the Rand..."[57] In 'n onderhoud het I. Mofson gemeld dat hy gereeld na die Sioniste se byeenkomste gegaan het en ook tydens die stigtingsvegadering van die JBD teenwoordig was "when Lord Milner gave his great speech. It meant a lot to people there to be told that they could be citizens with real rights."[58] Hoewel daar by die Sioniste verskillende opinies oor die stigting van die sekulêre JBD bestaan het, het albei die instellings wat tans nog

---

52 G. Saron, The long road to unity. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A History,* 1955, p. 229.

53 G. Saron, Equality for the Jews. In *Jewish Affairs*, May 1978, p. 24.

54 *De Volkstem* 5 Oktober 1907.

55 SAJBD argief: Brief van JBD aan lord Selborne, 28 Julie 1905. Die brief is opgeneem in die notule: *The First book of the Board of Deputies for the Transvaal and Natal 1903- 1909.*

56 G. Saron, 70 Years: Some historic highlights. In *Jewish Affairs*, March 1973, pp. 45-49.

57 *The Star,* 11 May 1904.

58 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1953 met I. Mofson gevoer is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

funksioneer, 'n beduidende rol gespeel om gelyke regte vir die Jode te verseker en die heropbou van die Joodse gemeenskap te bevorder.[59]

'n Betekenisvolle gebeurtenis het in 1905 plaasgevind toe die redakteur van die SAJC, L. L. Goldsmid, na Johannesburg verhuis het vanwaar hy met hierdie tydskrif gepoog het om die Joodse samelewing se belange te dien. Die doel van die tydskrif was "to vindicate the Jew in the eyes of the people amongst whom he dwells,"[60] wat nodig was aangesien daar soos voor die Anglo-Boereoorlog klasseverskille in die Joodse gemeenskap merkbaar was. "The divisions between Zionists and non-Zionists, between the 'greener' East Europeans and the more Anglicised 'Yahudim',"[61] was verstaanbaar indien dit in gedagte gehou word dat hulle lande van oorsprong, kulturele agtergrond en finansiële status grootliks verskil het. Daarom is beweer:

> Ultimately this implied the re-education and acculturation of the [Jewish] community and particularly its increasing immigrant component, in order to identify better with the normative behavioural patterns and civic ideals of the host country; while retaining what Goldsmid perceived as the traditional values, derived from a common religion and shared origins and experiences, which were the essence of their Jewish identity.[62]

EKONOMIESE HEROPBOU

'n Veranderende samelewing met nuwe politieke strominge en versnelde industralisasie sou 'n geheel ander leefwyse in die Transvaals gemeenskap meebring. Voor die Anglo-Boereoorlog byvoorbeeld, was die motor wat 'n Jood, H. Hess, ingevoer het en wat hy aan 'n ander Jood, A. H. Jacobs (Coffee Jacobs),

---

59 G. Saron, Gelykheid vir die Jood-die werk van die Raad van Afgevaardigdes. In *Buurman*, Maart 1978, pp. 4-5; Vir meer besonderhede kan G. Saron, The long road to unity. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A History*, 1955, pp. 228-234, geraadpleeg word; J. Alexander, South African Zionism. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A History*, 1955, pp. 270- 276, fokus op Sionisme; G. Saron and N. Musiker (eds.), *The Jews of South Africa*, 2001, pp. 82-83.

60 E. Bradlow, Beyond the ghetto: Lionel Goldsmid, the South African Jewish Chronicle and the creation of a South African identity in the early twentieth century. In *Jewish Affairs*, Autumn 1998, p. 9.

61 G. Saron, 70 Years: Some historic highlights. In *Jewish Affairs*, March 1974, p. 53.

62 E. Bradlow, Beyond the ghetto: Lionel Goldsmid, the South African Jewish Chronicle and the creation of a South African identity in the early twentieth century. In *Jewish Affairs*, Autumn 1998, p. 9. Bradlow grond heelwat van haar bewerings uit data wat in die *SAJC* verskyn het en wat nie plaaslik beskikbaar is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkoop het, die enigste motorvoertuig in die ZAR. Na die oorlog, was hierdie ses jaar-oue voertuig wat in die ou *Rand Garage* geberg was, in 'n vervalle toestand en is op onverklaarbare omstandighede in 'n brand verwoes.[63] Hierdie voorval is simbolies van die "ou gemeenskap" wat geleidelik met 'n "nuwe geïndustraliseerde gemeenskap" vervang sou word, waar motoraangedrewe voertuie 'n veel groter rol as voorheen sou speel. Die pers het nou goediglik met die nuwe bedeling gehekel, veral toe 'n spotprent waarin die politikus, E. P. Solomon wat van Joodse afkoms was, se motor "a bad impression" gelaat het, omdat daar net 'n stofwolk was waar hy ook al gery het.[64] Maar tenspyte van "stofwolke" wat die nuwe staatsbestel kon bedreig, het 'n nuwe kosmopolitiese gemeenskap geleidelik ontstaan en uitgebrei.[65]

Hoewel die depressie na vredesluiting die heropbouproses vertraag het, het Milner gepoog om ekonomiese bedrywighede, veral die mynbou, so gou as moontlik op dreef te kry. Met J. Chamberlain van die Colonial Office, se beoogde besoek aan Transvaal in 1902, het *The Owl* al voorspel hoe die *Randlords* voor hom sou kruip om die goudmynbedryf te bevoordeel.[66] Tydens die afskeidsbanket waarmee Chamberlain vereer is en waar die meeste *Randlords* teenwoordig was, is die kwessie van belastings en produksieprobleme wat geheers het, as beperkende faktore vir ekonomiese ontwikkeling aangespreek.[67] Hoewel daar verskillende opinies oor die rol van die owerheid tydens die heropbou van die mynbou bestaan, wil dit voorkom asof die mynbedryf van die ondersteuning van die owerheid afhanklik was om op dreef te kom, veral met betrekking tot die organisasie en administrasie van die arbeidsmag.[68] Daarbenewens kon die magnaat, A. Beit, in Londen as 'n verteenwoordiger van die mynmaatskappye, ook met Chamberlain oor die heropbou van die mynbedryf onderhandel. Die historikus, D. Denoon, beweer dat "Since Beit's influence in the Chamber of Mines was enormous, his undertaking

---

63 E. Rosenthal, "Coffee" Jacob. In *Jewish Affairs*, September 1946, pp. 45-47.

64 *The Star,* 6 October 1907.

65 J. R. Shorten, *The Johannesburg saga*, 1970, p. 253, skryf dat 'n *Transvaal Automobile Club* reeds in 1903 Johannesburg gestig is, wat beteken dat motors gou na die oorlog ingevoer is.

66 *The Owl,* 11 October 1902, 31 December 1902.

67 *The Star,* Special edition, 17 January 1903.

68 A. Jeeves, The control of migratory labour on the South African gold mines in the era of Kruger and Milner. In *Journal of African studies*, 2 (1), October 1975, pp. 3-5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was almost a guarantee that the chamber would acquisce,"[69] sodat Beit sonder om in Transvaal te woon, nogtans aktief by die mynwese betrokke was.

Die groep jong manne wat Milner ingevoer het om sy administrasie te behartig is goediglik die *Kindergarten* genoem.[70] Hoewel Marks die Milner-administrasie gesteun het, het hierdie jong mans met hulle burokratiese ingesteldheid 'n nuwe administratiewe rigting ingeslaan wat hom gefrustreer het. Hy het beweer dat hulle hulle bes gedoen het "to give the public trouble in every possible way,"[71] soos byvoorbeeld wanneer talle vorms ingevul moes word. Om gemeenskaplike probleme aan te spreek en die administrasie behulpsaam te wees, is 'n *Refugee Committee* in die lewe geroep waarby bekende *Gentiles* en Jode soos H. Solomon, E. Nathan, A. C. Herschensohn en N. H. Cohen ingesluit is. Hierdie komitee se doel was om ekonomiese aangeleenthede te bevorder en vir Milner te adviseer.[72] Gevolglik het 'n Jood, C. Hanau, sy vertroue uitgespreek dat die Britse regering alles in sy vermoë sou doen om produksieprobleme in 'n werklike "Imperial spirit" op te los, sodat dit die Witwatersrand sou bevoordeel.[73]

Teen Meimaand 1901, reeds vòòr die vredesluiting, was die Kamer van Mynwese begerig dat die myne weer hulle werksaamhede sou voortsit. Op 4 Mei 1901 is die eerste myn, dié van die Albu-broers, naamlik die *Meyer and Charlton,* feestelik in gebruik geneem.[74] Die ontwrigting wat die oorlog meegebring het, die agteruitgang van die myninstallasies en benodigdhede, die verlies op kapitaal wat belê was en die lang tyd wat die myne nie in werking was nie, het produksieprobleme veroorsaak wat die heropbou van die industrie vertraag het. Daarbenewens is die mynwerkers se lone verlaag om dit kostedoeltreffend te maak wat 'n tekort aan arbeid tot gevolg gehad het,[75] sodat "labour, not only

---

69 D. Denoon, *A grand Illusion,* 1973, pp. 183.

70 S. B. Spies, Rekonstruksie en unifikasie, 1902-1910. In T. Cameron en S. B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, (2e uitg.), 1988, p. 222.

71 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 147.

72 *The Star*, 11 June 1902.

73 *Ibid.* 6 February, 1903.

74 M. Robertson, German Jewish mining entretepeneurs: the role of Sir George Albu. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 18817-1915,* 1991, pp. 65-66.

75 A. Jeeves, The control of migratory labour on the South African gold mines in the era of Kruger and Milner. In *Journal of African studies*, 2 (1), October 1975, p. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

black but also white, remained the mine managements' greatest dilemma."[76] 'n Arbeidstekort, asook arbeidsonrus oor vergoeding, het goudproduksie vanselfsprekend benadeel.[77] Daarom moes Joodse ondernemers en verteenwoordigers van die owerheid oor diensvoorwaardes en lone onderhandel, voordat voluit met produksie begin kon word.[78] Aangesien die goudmyne in Brittanje en Suid-Afrika, met kapitalisme geassosieer is, het "Milner...strong political reasons to avoid identifying the government too closely with the mining industry"[79] gehad. In sy briewe aan J. Wernher en Beit in Londen, wat die firma H. Eckstein & Co ("Corner House") beheer het, het J. P. Fitzpatrick, namens die organisasie in 1902 verslag gedoen oor arbeids- en produksieprobleme en raad gevra oor die wenslikheid dat blankes in die myne as arbeiders in diens geneem kon word.[80] L. Phillips, wat in Londen aan Beit se firma verbonde was, het beweer dat arbeidsprobleme opgelos kon word deur mynwerkers se guns te wen aangesien hy van mening was dat "recognition will tend to secure their goodwill."[81] Phillips het ook aanbeveel dat privaat huishoudings liefs vroulike huiswerkers in diens moes neem sodat die "kitchenboys" vir die myne beskikbaar kon wees.[82] Maar toe "Zulu-boys" ook nie na wense vir huishoudings opgedaag het nie, het die huisbewoners gepleit dat blanke meisies as huiswerkers ingevoer moes word.[83] Teen die einde van 1902 was die arbeidsituasie dus selfs in die huishoudings kritiek sodat daarop aangedring is dat twee klasse Britse vroue ingevoer moes word: Klas 1 as huisbediendes, en Klas 2 moes meer gesofistikeerde vroue soos onderwyseresse en "lady helps" wees.[84]

Dié arbeidsvraagstuk het meegebring dat ander instellings wat van die goudmyne se welvaart afhanklik was, benadeel is. Die mynhuise se aanvraag vir steenkool

---

76 M. Robertson, German Jewish mining entretepeneurs: the role of Sir George Albu. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 18817-1915,* 1991, pp. 65-66.

77 D. Denoon, *A grand Illusion,* 1973, pp. 127-158, kan verder geraadpleeg word om 'n begrip te vorm van die sosio-politieke gebeure tydens hierdie tydperk.

78 D. Cammack, *The Rand at war,* 1990, pp. 182-185.

79 A. Jeeves, The control of migratory labour on the South African gold mines in the era of Kruger and Milner. In *Journal of African studies*, 2 (1), October 1975, p. 14.

80 A. H. Duminy and W. R. Guest (eds.), *Fitzpatrick: South African politician selected papers,1888-1906,* 1976, pp. 330-333.

81 *The Pretoria News*, 6 December 1905.

82 *De Volkstem*, 26 September 1906.

83 *The Star,* 11 September 1902.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was byvoorbeeld so laag dat Marks sy produksie in die koolmyne moes afskaal sodat die myne soms net een dag per week bedryf kon word. Daarbenewens het die beskikbare arbeiders ook 'n gesindheidsverandering ondergaan sodat Marks beweer het: "Since the war the Kaffir become quite unmanageable...The English Law treats the Native as an equal of the White Man...[with] disastrous effect...,"[85] wat arbeidsverhoudings verder sou benadeel. Die oorsaak van die *arbeidskwestie* is onder andere daaraan toegeskryf dat swart mynwerkers wat gedurende die Anglo-Boereoorlog hulle werksgeleenthede verloor het, byna almal op eie koste na hulle tuislande moes terugkeer. Die mynmagnate was ook onbewus van "the disruption the war had caused to black people nor that they were deeply resentful that they had to work for low rates of pay."[86] Die lede van Kamer van Mynwese, waaraan *Gentiles* en kosmopolitiese Jode soos R. Lilienfeld, L. Reyersbach, R. Heyman, A. E. Goldring, H. F. Cohen, G. Albu, Hanau en Graumann behoort het, het besluit om die *Rand Native Labour Association* weer in die lewe te roep om werkers vir die myne te werf. Dit het daarna as die *Witwatersrand Native Labour Association (WNLA)* bekend gestaan.[87] Hierdie vereniging sou met die owerheid saamwerk om arbeidsprobleme op te los en lone vas te stel.[88] Die historikus, A. Jeeves, verduidelik dat:

> Throughout the reconstruction period a kind of alliance developed between the mines and the state which seems to have been more complex and variable than a relationship of simple domination of one by the other.[89]

Die *arbeidskwestie* het ook meegebring dat daar van alle kante gepoog is om arbeidsprobleme op te los. "Onderhandelingen waren ook aangeknoopt met den Direkteur van Zambezi [deur Farrar, die voorsitter van die Kamer van Mynwese] en men hoopte een duisendtal inboorlingen te kunnen overbrengen uit Duitsch Zuid-

---

84 *Ibid.*, 1 November 1902.

85 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 166.

86 M. Robertson, German Jewish mining entrepeneurs: the role of Sir George Albu. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, p. 66. Hierdie bron verduidelik die probleme van die mynwese in hierdie tydperk.

87 S. B. Spies, Rekonstruksie en unifikasie, 1902-1910. In T. Cameron en S. B. Spies (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, (2e uitg.), 1988, p. 224.

88 *The Star*, 16 May 1902.

89 A. Jeeves, The control of migratory labour on the South African gold mines in the era of Kruger and Milner. In *Journal of African studies*, 2 (1), October 1975, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

West Afrika."[90] Verskeie myne "tried using unemployed whites in stead of black labour, but this experiment proved unsuccessful...The initial difficulty...lay in the fact that white and coloured labourers were necessarily thrown together,"[91] wat vir die blankes 'n vernederende ervaring was. 'n Duitse Jood, W. Levinson, het aansoek gedoen om jong Joodse mans vanaf Oos-Europa as arbeiders in te voer, maar die JBD was van oordeel dat dit nie lewensvatbare ondernemings sou wees nie.[92] Daarbenewens het *De Volkstem* berig dat "de heer Samuel Marks" op besoek aan Lissabon was om "werkvolk" in Portugal vir die mynwese te werf.[93]

Die implementering van die Kaapse Immigrasiewet in 1902 het skuiwergate gehad waarvan 'n Joodse agent van Johannesburg, L. Klein, wat arbeid in Kaapstad vir die myne gewerf het, tot sy eie voordeel wou benut. Klein het dit reggekry om toegang aan boord van skepe in die Kaapstadse hawe waarop "onwenslike" immigrante was te verkry en om namens hulle vir werkpermitte te beding. Vyf-en-twintig voornemende Joodse immigrante het vir Klein 'n fooi betaal en hulle paspoorte afgestaan sodat hy hulle dokumentasie gereed kon kry. Maar toe hierdie vakmanne besef het dat hulle mynwerkers sou wees, was hulle nie daarvoor te vinde nie. Hierdie voorval is tipies van situasies waaraan Joodse immigrante blootgestel was.[94]

In 1903 het die lede van die Kamer van Mynwese, onder die leierskap van 'n *Randlord,* G. Farrar, tydens 'n massavergadering die gemeenskap se opinie ingewin oor die wenslikheid om Sjinese arbeiders op 'n kontrakbasis as mynwerkers in te voer.[95] Jeeves beweer dat die Kamer van Mynwese as 'n drukgroep die mynbedryf gedomineer het en die boodskap uitgedra het dat "the welfare of the state was

---

90 *Land en Volk,* 24 April 1903.

91 M. Robertson, German Jewish mining entrepeneurs: the role of Sir George Albu. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers Johannesburg Jewry 1887-1915*, 1991, p. 67.

92 TAB Secratary of mines (MM) CM 3499/03. Re: Lieutenant Governor, employment of Jewish miners from Galicia in the SA mines. 1903; N. Berger, *Chapters from South African history: Jewish and general.* 1982, pp. 46-47.

93 *De Volkstem*, 9 September 1903.

94 E. Bradlow, Exploiting the defenceless. In *Jewish Affairs*, Winter 1994, pp. 19-20; G. Schrire, In the belly of the whale: The journey to South Africa 1880-1910. In *Jewish Affairs*, Winter 1994, p. 17.

95 S. B. Spies, Rekonstruksie en unifikasie, 1902-1910. In T. Cameron en S. B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, (2e uitg.), 1988, p. 224.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dependent upon the health of the gold industry."[96] Derhalwe was Milner se steun aan die mynwese noodsaaklik, wat daartoe bygedra het dat hy met die *Randlords* saamgewerk het.[97] 'n Johannesburgse Joodsbeheerde dagblad, *De Critic*, het in 1904 ook die omstrede invoer van Sjinese bepleit sodat *De Volkstem* beweer het dat dié koerant "heeft nu het masker afgeworpen en zich openlik aan de zijde der kapitalisten [*Randlords* of mynmagnate] geplaast."[98] Marks, wat anders as die ander *Randlords,* geglo het dat daar genoeg arbeiders in die land was, het wel die invoer van Sjinese gesteun aangesien hy beweer het dat kompetisie vir swart mynwerkers goed sou wees.[99]

Hierdie aangeleenthede het die Joodse *Randlords* as kapitaliste getipeer en in 'n slegte lig gestel toe *The Owl* onder die opskrif "Milner, Moses & Mongols," die invoer van Sjinese bevraagteken het.[100] Daar is ook met die wyse gehekel waarop *Goldbugs* of te wel *Randlords,* die Sjinese werkers in "Chowburg" of "Jewburg", sou welkom heet.[101] *The Owl* het daarop gesinspeel dat Milner se administrasie "ably abetted by mining capital, vigorously displayed its power and influence",[102] gedomineer is sodat die stereotipe van die Jode as kapitaliste, weereens opgeroep is. "The Rand labour question," is deur *The Owl* gebruik om die rol van die Jode daarin te beklemtoon deur die stereotipe van gesette mans met haakneuse, pluiskeile en vriendelike gebare, wat apatiese maar ook arrogante swart mense met geld en drank wou omkoop om in die myne te kom werk.[103] *De Volkstem* het hierby aangesluit met sy bewering dat arbeidsprobleme deur die "Unmerciful magnates" in samewerking met die owerheid geskep is.[104]

'n Joodse eiendomsagent in Pretoria, J. P. Hess,[105] het in 'n brief aan *The Pretoria News* die mening uitgespreek dat die owerheid die arbeidsprobleme eers moes

---

96 A. Jeeves, The control of migratory labour on the South African gold mines in the era of Kruger and Milner. In *Journal of African studies*, 2 (1), October 1975, p. 7.

97 *The Star*, 4 January 1902, 2 April 1903.

98 *De Volkstem* 26 Augustus 1903.

99 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 166.

100 *The Owl*, 18 March 1904.

101 *Ibid.*

102 M. Shain, Imperialist Judaism in Africa. In *Jewish Affairs*, Spring 1999, p. 45.

103 *The Owl,* 11 July 1902.

104 *De Volkstem,* 4 Maart 1905.

105 *The Pretoria News*, 10 December 1902, toon 'n advertensie dat Hess and Co,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersoek voordat dit oorweeg kon word om "goedkoop" arbeid van elders in te voer. Hy het aanbeveel dat 'n *indaba,* 'n vergadering met die swart kapteins, oor arbeidsverhoudings gehou behoort te word om arbeidsprobleme aan te spreek.[106] *Underground worker* het in 'n brief aan *The Star* geskryf dat hy: "As an old Rand miner who has studied the [labour] question" van mening was dat die werwingsagente meesal 'n valse beeld van die diensvoorwaardes aan die voornemende werkers voorgehou het en nie hulle behoeftes in ag geneem het nie.[107] Hiermee wou die briefskrywers die mynbase se aandag daarop vestig dat hulle min begrip getoon het vir die omstandighede van die ondergrondse werkers, wat eintlik die produktiwiteit van die myne bepaal het.[108]

Die *White League,* is in 1906 deur 'n groep voorstaanders van "Afrika voor de blanken" in die Grand Hotel in Johannesburg gestig.[109] Hierdie groep wat eerwaarde M. L. Harris, 'n Joodse geestelike, ingesluit het, was teen die invoer van Sjinese gekant aangesien hulle beweer het dat dit tot gesondheidsprobleme aanleiding sou gee.[110] Maar die Joodse joernalis, E. Rosenthal, het op sy beurt die versekering gegee dat die Sjinese werkers goedgekeur is en dat geen opiumrokers, sieklikes, dronkaards en handellaars as mynwerkers toegelaat sou word nie,[111] en dus nie "onwenslikes" sou insluit wat gesondheidsprobleme kon meebring nie. Die historikus, K. L. Harris, het in haar navorsing bevind dat Sjinese arbeiders, met hulle vreemde gebruike oral in Westerse lande 'n politieke vraagstuk geskep het en as 'n "geel gevaar" bestempel is.[112] Dit het inderdaad in die Transvaal ook tot 'n Sjinese vraagstuk aanleiding gegee wat in die Hollandse pers as "de Geele pest" beskryf is.[113]

Teen 1905 het Phillips besluit om, ondanks 'n belowende politieke loopbaan in Londen, na H. Eckstein & Co in Johannesburg in wie se diens hy steeds was, terug

---

agente is wat eiendomme soos plase en erwe verhandel.

106 *Ibid.*, 1 August 1903.

107 *The Star*, 15 July 1902.

108 *De Volkstem* 13 September 1903, 24 Februarie 1904.

109 *Ibid.*, 1 Desember 1906.

110 *The Star* 15 January 1903.

111 E. Rosenthal, *Gold bricks and mortar*, 1946, pp. 149-152.

112 K. L. Harris, A history of the Chinese in South Africa to 1912. D. Phil. Thesis, Unisa, 1998, p. 5.

113 *De Volkstem*, 1 Desember 1906.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te keer.[114] Phillips het by sy aankoms daarop gewys dat ten spyte van arbeidsprobleme en stygende produksiekostes, die mynbedryf gunstig daaraan toe was aangesien "cheap railage, no import duty, Asiatic labour, etc..." tot die myne se produktiwiteit bygedra het.[115] Hiervolgens is die omstrede besluit om Sjinese in te voer deur die mynbedryf geregverdig. Maar toe Farrar in 1907 'n besoek aan Brittanje en Europa gebring het om finansiële steun vir die uitbreiding van sy firma se werksaamhede te beding, was hy geskok om te verneem dat die meeste finansiële instellings bekommerd was oor die arbeidsituasie en geneig het om finansiële beleggings te weerhou. *Land en Volk* het Farrar sò aangehaal: "Wanneer er met de arbeidskwestie werd gespeeld, het Franse publiek geen sjilling meer in het land zou steken, en dat elke penny, die hier belegd was, er tegen elke prys uitgenomen zou werden."[116] Die meeste owerhede in die buiteland het die invoer van Sjinese afgekeur sodat Farrar gepleit het dat "Downing Street in die kwestie geen stem laten hebben."[117]

Rosenthal het Phillips se bewerings bevestig dat die produksie van goud toegeneem het toe die Sjinese in die myne begin werk het. Hy het verduidelik dat die produksie in 1902 in geldelike terme gemeet £7 179 000 was, wat teen 1905 tot £15 000 000 opgestoot is. Teen 1910 toe die Sjinese die land verlaat het, het goudproduksie die totaal van £30 703 000 bereik. Rosenthal skryf: "As the ships sailed back to China new boys from Mozambique, from Swaziland, from the Northern Transvaal...and a dozen other parts of the sub-continent, more than made up for the deficit",[118] sodat Marks se voorspelling bewaarheid is dat daar geen tekort aan arbeid sou wees nie. Maar arbeidsonrus het nogtans voorgekom veral toe sommige mynwerkers geweier het om ondergronds te werk. Die Joodse *Randlord* Albu, het ook daarop gewys dat "the insensate competiton among the mining groups for natives, the cost of this kind of labour is increasing to...an alarming extent...,"[119]

---

114 *Ibid.*, 29 Julie 1905.
115 *Ibid.*, 8 Julie 1905.
116 *Land en Volk*, 8 Januarie 1907.
117 *Ibid.*
118 E. Rosenthal, *Gold bricks and mortar*, 1946, pp. 149-152.
119 M. Robertson, German Jewish mining entrepeneurs: the role of Sir George Albu. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887- 1915,* 1991, p. 69; A. Jeeves, The control of migratory labour on the South African gold mines in the era of Kruger and

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moontlik daartoe kon bydra dat kleiner myne sou moes sluit, indien produksiekostes verder sou styg. Jeeves het tot die gevolgtrekking gekom dat:

> The mine owners demonstrated both ignorance and callous disregard for their black labour force (frequently at the expense of their own self-interest). Through coercive labour legislation, government protected them from the more obvious of the consequences and at the same time gave only minimal protection to the African mine workers.[120]

Van die verskillende etniese groepe in Transvaal was dit veral die Jode wat na die oorlog as ondernemers aan industriële- en ekonomiese ontwikkeling deelgeneem het. Hulle was bevoordeel deurdat die meeste Britte verkies het om verbruikersgoedere in te voer, eerder as om die risiko te neem om dit te vervaardig. Die Boere, op hulle beurt, was meer op selfonderhoud ingestel en hulle "dislike for kaffirwork" het meegebring dat hulle handewerk meesal aan nie-blankes toevertrou het. Die Indiërs daarenteen, hoewel hulle hardwerkend was en besigheidsvernuf getoon het, was om politieke redes verhoed om aan ekonomiese ontwikkelings deel te neem.[121] Daarbenewens was dit meeesal nodig om lisensies van die owerheid te verkry om ondernemings op dreef te kry. In Mei 1902 is handelslisensies byvoorbeeld aan Jode soos Marks en F. Pincus as groothandelaars, asook dranklisensies aan M. Schlosberg en A. Goldstein vir die Robinson Hotel, toegestaan.[122] Vir die bedryf van 'n "Kafffir Eating house", hoewel dit 'n onaangename laegraadse bedryf was, was ook 'n lisensie benodig.[123] Aangesien lisensies net aan blankes uitgereik is, was 'n lisensie om 'n "Kafffir Eating house" te bedryf, 'n geleentheid vir verarmde Jode gebied om te oorleef.[124]

Die Joodse geskiedkundige, M. Arkin, beweer dat Marks een van die belangrikste industrialiste was, en dat hy 'n groot bydrae tot ekonomiese ontwikkeling gelewer

---

Milner. In *Journal of African studies*, 2 (1), October 11975, p. 7.

120 A. Jeeves, The control of migratory labour on the South African gold mines in the era of Kruger and Milner. In *Journal of African studies*, 2 (1), October 1975, p. 29.

121 M. Arkin, The Jewish impact on economic progress. In *Jewish Affairs*, May 1960, pp. 22-23.

122 *The Star,* 15 May 1902.

123 TAB Klerk van uitvoerende werke, Transvaalse Kolonie (EC) 85/06. Re: Granting of eating house licences to Jews and natives, 1906; TAB Departement van Justisie, Transvaal (LD) AG159/04. Re: Liquor licensing court application for special sitting Johannesburg - and Jewish Cabdrivers Union 1904.

124 J. Sherman, Serving the natives: Whiteness as the price of hospitality in South African Yiddish literature. In *Journal of South African studies*, 26 (3) September 2000, p. 507.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het.[125] In Marks se geval het sy onderneming die *Eerste Fabrieken* reeds tydens die oorlog probleme ervaar omdat die buitelandse vakmanne sy diens verlaat het. Nadat die Britte Pretoria ingeneem het, het hulle sy distilleerdery gesluit, sodat hy na die oorlog die opruimingsproses moes afhandel. Maar terwyl Marks sy hande vol gehad om sy ondernemings produktief te bedryf, het hy bly droom oor die moontlikheid om 'n staalfabriek op te rig. In sy hoofstuk "Reconstructing the Business, 1902-1908", gee Mendelsohn, Marks se biograaf, 'n besondere oorsig van die uitdagings en probleme waarmee Marks en ander Joodse ondernemers gedurende hierdie tydperk te kampe gehad het. Mendelsohn verduidelik: "The new government reversed the priorities of the old...Marks was obliged to restructure his business to take account of these new realities."[126] I. Lewis en Marks het na die oorlog hulle belange onder die naam *African & European Investment Company*, met sy hoofkantoor in Johannesburg, bedryf.[127] Marks se susterskind, G. Falcke, het as sy spreekwoordelike regterhand opgetree aangesien hy 'n bekwame, opgevoede man was, wat vele tale magtig was sodat hy met gemak met mense van verskillende kultuurgroepe kon onderhandel.[128]

Die vooraanstaande Johannesburgse Jood, H. F. Cohen, wat op 'n skerpsinnige wyse daarin geslaag het om te verseker dat die nuus van die vredesluiting in samewerking van Edgar Wallace, vroegtydig in die *London Daily Mail* gepubliseer is,[129] het besluit om in die koerantbedryf te belê. Cohen het E. Mendelssohn se onderneming waar *The Standard and Diggers' News* voor die oorlog uitgegee is, in 1902 oorgeneem met die doel om 'n nuwe dagblad *The Rand Daily Mail* uit te gee. Cohen het vir Wallace, as redakteur van dié koerant en sy neef, J. R. Cohen, as besturende direkteur aangestel. Maar Wallace se redakteurskap het die koerant reeds in 1903 tot finansiële ondergang gedryf wat vir Cohen 'n groot finansiële verleentheid meegebring het.[130]

---

125 M. Arkin, The Jewish impact on economic progress. In *Jewish Affairs*, May 1960, p. 23.
126 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 155.
127 *The Star*, 31 July 1905 lys nege maatskappye wat by hierdie maatskappy ingesluit is.
128 SAJBD argief: Knipsel *South African Jewish Times*, 1 June 1957.
129 J. Mervis, Jewish life in Johannesburg in 1903. In *Jewish Affairs*, December 1983, p. 18.
130 J. R. Shorten, *The Johannesburg saga*, 1970, pp. 239-240, skryf dat Edgar Wallace later 'n suksesvolle skrywer van rillers sou word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Smouse, ook wandelende Jode of *tochers* genoem, het soos voor die oorlog weer te voet en in alle weersomstandighede van plaas tot plaas, hulle ware verhandel. Hierdie neiging om handel te dryf het mettertyd daartoe gelei dat Joodse handelaars soos voorheen *Boer places,* naamlik winkels op plase bedryf het, wat gewoonlik ook as 'n poskantoor en kuierplek vir die gemeenskap gedien het. 'n Smous, D. Hayden, het beweer:

> The "smous" was more than a trader, he brought news in days when newspapers hardly ever reached the country. Even when the Boers could read (some of them even their Bibles slowly and painfully) it was the "smous" who was the quickest and newest line of communication.[131]

In die stede is smouse ook op straat met 'n *wegalech*, 'n waentjie met twee wiele wat met die hand gestoot is, opgemerk. Dié *wegalech* was gewoonlik gelaai met goedere soos pluimvee en eiers wat by die mark gekoop is en wat weer te koop aangebied is.[132] "Medicine vendours", was tipese straatsmouse wat met oneindige geduld hulle ware te koop aanbeveel het maar "who did not seem to have any sense of their absurdity,"[133] en dus dikwels as lagwekkend beskou is. As gevolg van hierdie gebruik waartydens Jode as tussengangers produkte by produsente aangekoop en weer aan verbruikers verhandel het, is hulle, soos dit ook in Europa die geval was, as middelmanne gestereotipeer wat te "lui" sou wees om self te werk en op die produsente se rug sou ry om wins te bedryf.[134] Dit het meegebring dat 'n kultuurhistorikus, T. Weil, beweer "dat die Jode se sin vir besigheid geneties is, word redelik algemeen aanvaar", toe sy na die prestasie van 'n Jood, wat 'n 'besigheidsin' in sy bloed gehad het,"[135] verwys het. Weil se bewering dat hulle sin vir besigheid geneties van aard was, is vergesog aangesien die smouskultuur 'n aangeleerde leefwyse was wat Jode gedurende die moeilike jare in Europa noodgedwonge hulle eie moes maak en wat hulle as Wandelende Jode gestereotipeer het.[136]

---

131 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1953 met D. Hayden gevoer is.

132 M. D. Hersch, Through the eyes of a Litvak. In *Jewish Affairs*, December 1956, p. 24.

133 *The Star*, 22 July, 1905.

134 *The Owl*, 22 April, 17 May 1904.

135 T. Weil, Die inskakeling van die Jode by die Afrikaanssprekende gemeenskap op die platteland van 1880 tot 1950. M. A. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 2000, p. 87.

136 P. Johnson, *A history of the Jews,* 1993, p. 233, verduidelik dat Jode op hierdie wyse weereens "strangers and sojourners" hulle plek in 'n nuwe samelewing moes verower.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Joodse smouse en handelaars het met hulle oplettendheid, en 'n aangeleerde "sin vir besigheid" 'n grondige kennis opgedoen van grondstowwe wat in die landelike gebiede beskikbaar was en die verskeidenheid ware wat verbruikers benodig het. Hulle het ook dié voordeel gehad, dat hulle anders as in Europa, sonder enige staatsinmenging, met min kapitaal en op klein skaal goedere kon vervaardig en self verhandel. Aangesien Jode tradisioneel daarop ingestel is om mekaar te help, het hulle dikwels as familielede en vriende kragte saamgesnoer om hulle ondernemings op dreef te kry.[137] Dit was veral die gewone middel- en laerklas Jode wat op sò 'n beskeie wyse aan die heropbou van die ekonomie deelgeneem het, waarvan N. Weibrenn, 'n goeie voorbeeld is. Weinbrenn wat tydens die oorlog in Johannesburg bly woon het, se klein onderneming het eers begin floreer toe die lewe na die oorlog na normaal terug gekeer het.[138] Die terugkerende Jode het gewoonlik die ondernemings wat hulle voor die oorlog bedryf het, na 'n lang afwesigheid, hervat. 'n Joodse ondernemer, F. H. Ansell, het byvoorbeeld beweer dat hy die eerste Joodse winkelier was wat toegelaat is om na Johannesburg terug te keer. Tot sy vreugde het hy opgemerk dat sy onderneming nie tydens die oorlog beskadig is nie sodat hy geleidelik sy handelsbedrywighede kon herbou.[139] Die eienaars van die juweliersfirma, *Katz & Lourie,* het in Augustus 1902 na Transvaal teruggekeer en het hulle onderneming wat hulle agtergelaat het met "everything bricked up...found everything in order", sodat hulle ook met hulle bedryf kon voortgaan.[140] Nog 'n Jood, B. I. Joffe, se onderneming was ook tot sy groot verligting heeltemal ongeskonde.[141] Maar ander Jode was nie so gelukkig nie. Die winkels van S. Epstein[142] en W. Sulksy was "completely looted,"[143] en A. Serenkin se onderneming was "completely destroyed."[144] Die firma van Hayman and Gorden se onderneming "had disapeared,

---

137 M. Arkin, The Jewish impact on economic progress. In *Jewish Affairs*, May 1960, pp. 22-23.

138 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met M. Weinbrenn, Nathan se broer gevoer is.

139 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met F. H. Ansell gevoer is.

140 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1952 met H. Lourie gevoer is.

141 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1952 met B. I. Joffe gevoer is.

142 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met mev. S. Epstein gevoer is.

143 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met W. Sulksky gevoer is.

144 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met A. Serenkin gevoer is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

they had to start all over again,"[145] en S. Lazarus se onderneming was "in a bad state," sodat heelwat kostes aangegaan moes word om dit weer op te bou.[146]

Werksgeleenthede was veral vir Jiddisjsprekende Jode, die *grienes*, nuweling *Ostjuden,* tot 1906 baie skaars. Hoewel hulle meesal vakmanne was, was dit vir hulle moeilik om in Engels of Hollandse-Afrikaans vir 'n betrekking te onderhandel.[147] Sulke *grienes* het dikwels by die *Shamos Yard* in Ferreirastown vergader. Dit was 'n plek waar enkellopende Joodse mans in armoedige omstandighede gewoon het en waarvandaan hulle uitgewyk het om ou klere te versmous en ondernemings soos skoenmakery, ketellappery, snyerswerk en houtwerk te bedryf. Hulle is meesal deur die *Chevra Kadisha*, die Joodse begrafnis- en welsynsorganisasie, finansieel ondersteun om "hulle self te help" om hulle ondernemings op die been te bring. Gaandeweg het van hierdie klein informele bedrywe so gegroei dat H. J. Henochsberg byvoorbeeld reeds in 1902 die eerste klerefabriek in Johannesburg kon open. Matrasmakers soos die Friedman-, Unterhalter-, Chaskalson- en Masurgesinne, wat reeds voor die Anglo-Boereoorlog in die meubelbedryf was, het na die oorlog onder die naam *Transvaal Mattrass and Furnishing Co.*, hulle kragte saamgesnoer en sò belangrike meubelvervaardigers geword.[148] Op hierdie wyse het verskillende klein ondernemers met verloop van tyd in groot suksesvolle ondernemings ontwikkel waarvan dié van *Bradlows Stores* tans steeds 'n sprekende voorbeeld is. In 'n onderhoud met A. Goldberg, het F. Bradlow, verduidelik dat sy vader, wat eers 'n smous was, besluit het om agter in sy woonhuis in Doornfontein meubels te vervaardig. Dié meubels het hy aanvanklik vanaf die voorstoep van sy huis te koop aangebied totdat hy 'n meubelwinkel *Bradlows* in Johannesburg geopen het. Hierdie onderneming het sò gegroei dat verskillende takke later landwyd geopen is.[149]

---

145 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met S. L. Heymann gevoer is.

146 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1952 met mev. J. Mendelsohn, S. Lazarus se dogter gevoer is.

147 SAJBD argief: The First book of the Board of Deputies, 29 Maart 1905, for the Transvaal and Natal 1903-1909.

148 M. Robertson, Investing talent in the Witwatersrand: Jewish traders, craftsmen and small entrepeneurs. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.) *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, pp. 126-129. Hierdie bron verskaf interessante inligting oor die wyse waarop Jode gepoog het om op 'n "wenslike" wyse 'n bestaan te maak om fisiek te oorleef.

149 A. Goldberg, Frank Barlow -a fully rounded personality. In *Jewish Affairs*,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende hierdie tydperk was die pers soos voorheen weereens dié middel wat Jode gebruik het om die gemeenskap oor hulle vaardighede, kreatiwiteit en ondernemingsgees in te lig. Met vernuftige denkprosesse het die adverteerders gepoog om die gemeenskap te oorreed om van hulle goedere en dienste gebruik te maak. Aangesien Russiese swartbrood en ander tradisionele Europese voedselsoorte in groot aanvraag by Uitlanders was, het sekere Jode soos voor die oorlog weereens koffiehuise, bakkerye, hotelle en herberge bedryf waar hulle tradisionele Europese voesel kon bedien. A. Gutmacher se tradisonele Paasfeeslekkernye en *Matzos,* (Paasfeesbroodjies) is in Engels en Jiddisj in *The Star* geadverteer.[150] *Der Kleine Cohen*, die naam van Richard Cohen se delikatessen, se kolomlange advertensie in Duits, waarin hy sy kliënte aanraai om lekkernye soos *Honigkuchen, Pralienemarzipan en Berliner Leckerli* te koop, dui op die wyse waarop hy op Duitssprekendes se sentiment staatgemaak het.[151] Die Mackay Brothers, het as musiekhandelaars, 'n grammofoon in hulle advertensie geïllustreer en die verbruikers aangelok om die instrument aan te koop of teen 'n klein fooi uit te leen.[152] 'n Joodse ondernemer, A. L. Meyer, verduidelik dat die Joodse boekwinkels in Commissionerstraat, veel meer as besigheidsondernemings was, dit was ook gesogte kuierplekke vir Jode.[153] In Pretoria is die Wallachs-drukkery en -uitgewersmaatskappy, waarvan I. en C. Wallach en die *Gentile* dr. F. V. Engelenburg die eerste direkteure was, met 'n aanvangskapitaal van £20 000, geregistreer. Die hoop is uitgespreek dat hierdie firma, wat *De Volkstem* uitgee, bevredigende diens sou lewer.[154]

Tradisionele Joodse beroepe, soos om as geldleners en pandjieshandelaars op te tree, is byvoorbeeld deur die Belcher-broers, H. Newman en die Cohen-broers bedryf.[155] 'n Jood, T. W. Rothschild, het in 'n advertensie homself as *De Boerenvriend* beskryf en gevra: "Wenst gij Geld te lenen op verband? Wenst gij de plaats te kopen van uw Buurman? Wat gij ook moogt wenschen...Komt of schryft

---

September 1982, p. 71.

150 *The Star,* 17 March 1903.

151 *Ibid.,* 5 December 1902.

152 M. D. Hersch, Through the eyes of a Litvak. In *Jewish Affairs*, December 1956, p. 24.

153 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1953 met A. L. Meyer gevoer is.

154 *De Volkstem* 28 April 1905.

155 *The Star* 17 March 1903.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dadelik naar: Thos. W. Rotschild, Algemene agent."[156] Verskeie ander Jode, soos M. F. Joffe en I. J. Lithauer, het as eiendomsagente opgetree. In dieselfde koerant het die Hollandse firma Loterijmann, ook sy handselhuis, wat reeds voor die oorlog bedryf is, se verbruikersgoedere geadverteer.[157]

Professionele beroepe in die regte het veral onder Jode voorgekom aangesien hulle oor 'n aangeleerde sin vir geregtigheid, beskik het. Hoewel die Pretoriase Jood, D. M. Kisch, kort voor die oorlog oorlede is, is sy prokureursfirma wat ook agente vir patentregte en handelsmerke was, deur sy seun C. H. M. Kisch, in Johannesburg en Pretoria voortgesit sodat die prokureursfirma D. M. Kisch, tans steeds met patentregte gemoeid is.[158] Die prokureur, I. Hayman, wat voor die oorlog onder J. C. Smuts gekwalifiseer het, het sy beroep voortgesit. In vennootskap met 'n ander Jood, H. F. Godfrey, het Hayman ook opleiding aan voornemende regslui aangebied. Op hierdie wyse het Smuts se notas wat Hayman op datum gebring het, die grondslag gevorm waarvolgens verskeie ander regsgeleerdes opgetree het.[159] Sò 'n regsgeleerde, I. Kuper, was 'n prokureursklerk by die Boerejood S. Zwarenstein, wat later sy regsberoep in 1906 in vennootskap met M. Kaplan bedryf het.[160] Ander bekende regsgeleerdes was M(anfred) Nathan, sy broer Edward en sy neef Emile, wie se familienaam ook tans nog met regslui geassosieer word.[161] M(anfred) het as advokaat ook intens in politiek belang gestel en was ook die outeur van verskillende boeke, selfs een oor Paul Kruger.[162] In Pretoria was P. Lapin, seun van B. Lapin, die eienaar van die Transvaal Hotel, as 'n prokureursklerk by die firma Rooth en Wessels ingeskryf en was later 'n pionier in die prokureursberoep in Pretoria.[163]

---

156 *Ibid.*, 21 September 1907.
157 *The Pretoria News*, 10 Desember 1902.
158 *The Star,* 1 July 1902; Anonym, History of D M. Kisch. In DMK (D.M. Kisch Inc.) *Newsletter,* June 1999, p. 3.
159 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met I. Haymann gevoer is.
160 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1952 met I. Kuper gevoer is.
161 M. Robertson and D. Diamond, Chemists, doctors and lawyers- some early Jewish professional men in Johannesburg. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, pp. 146-151.
162 M. Nathan, *Paul Kruger, his life and times,* 1941.
163 SAJBD argief: Dokument 103, Biography: P. Lapin.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In ander professionele beroepe was dit veral Joodse medici, aptekers en verpleegsters wat hulle deel tot die heropbou van die gemeenskap bygedra het. Maar daar was 'n tekort aan Engelssprekende Joodse vroedvroue, verpleegsters, kokke en kinderoppassers.[164] Joodse slagters moes spesiale verlof kry om vleis op spesiale Sondae te verkoop,[165] en Joodse handellaars moes verlof kry om hulle winkelure tydens Joodse vakansiedae aan te pas.[166]

The Empire Theatres Company, het in 1905 in 'n prospektus sy doelwitte bekend gestel en aandele in hierdie maatskappy te koop aangebied. Benewens drie *Gentiles* was Jode soos die regsgeleerde, B. Alexander (die voorsitter), E. M. Hyman, L. Rosenthal en A. Hyman, die direkteure van die maatskappy wat met die filmbedryf in Transvaal begin het.[167] Die Joodse ondernemer van Amerikaanse en Oos-Europese afkoms, I. W. Schlesinger, was ook as 'n filmprodusent, 'n pionier in die vermaaklikheidsbedryf.[168] Jode was ook pioniers in verskillende bedrywe soos bouverenigings en versekering. In 'n reeks volbladadvertensies het Schlesinger, die versekeringsmaatskappy *The African Life*, wat tans nog bestaan, bekend gestel. In hierdie eenmalige uiters professionele reeks is die lesers eers van die produk bewus gemaak, tenvolle daaroor ingelig en daarna met 'n kort tweegesprek probeer oorreed dat lewensversekering noodsaaklik sou wees. Teen 1908 het *De Afrikaanse Levensverszekering Maatpij. Beperkt*, die name van agt direkteure bekend gestel waaronder Jode soos D. D. Holt, R. Baumann, A. Rogaly en Schlesinger ingesluit was.[169] Die historikus, M. Kaplan, beweer dat "there is no doubt that the Jewish community in Johannesburg played an unusual role in the development of the city,"[170] en daarmee in die heropbou van die stedelike leefwyse in Transvaal.

---

164 M. D. Hersch, Through the eyes of a Litvak. In *Jewish Affairs*, December 1956, pp. 24-25.

165 TAB LD AG1607/03. Re: Permission for six Jewish butchers to sell meat on Sunday 31/05/03, 1903.

166 TAB LD AG3714/07. Re: early closing of shops. Relaxation shop hours act to kosher butcher shops during Jewish holidays, 1907.

167 *The Star*, 13 April 1905.

168 M. Arkin, The Jewish impact on economic progress. In *Jewish Affairs*, May 1960, p. 25.

169 *The Star*, 25 March 1905, 8 April, 15 April 1905.

170 M. Kaplan, Envoy. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915*, 1991, pp. 251-252.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Marks, wat hom oor die Boere se ekonomiese en sosiale omstandighede in die landelike gemeenskappe bekommer het, het plase van sekere Boere aangekoop wat na die oorlog nie die mas opgekom het om hulle verwoeste plase op te bou en hulle finansiële verpligtings kon nakom nie. Marks het hulle ook aangemoedig om op dié plase as huurders te bly woon.[171] Maar die meeste van hulle kon selfs nie as huurders oorlewe nie en wou net met alle geweld in die stede gaan werk. Hy het hulle ook geleentheid gebied om op sy plase aan die Vaalrivier as deelsaaiers, te boer. Onder die slagspreuk "Tru Plaas toe!" skryf *De Volkstem:*

> Verblij we ons in het vooruitgang...de "Vereeniging Estates" door de Heer Samuel Marks open gesteld is voor de beroofde Afrikaners om weer een begin te maken. Het is geen filantropie, maar zuivere bezigheid, en juist daarom behoort het goed te gelukken.[172]

Hoewel sekere Boere aanvanklik huiwerig was om vir Marks om 'n deel van die oes te boer, het "Samfontein" vir menige "beroofdes" 'n uitkoms gebied omdat die grond vrugbaar en water volop was.[173]

'n Besoeker aan "De Lewis & Marks Estate" het aan *De Volkstem* geskryf om sy verbasing uit te spreek oor die wyse waarop "de prachtige plantaties van twee en 'n half miljoen bomen...de prachtige vruchten plantatie...over de 500 druiven stokken...2500 beesten...450 varkens...en paarden," deur die bestuurder, J. M. Kok, bedryf is. Hy het bygevoeg, "Met genoegen sag ik dat ou Sammie Marks toch een vriend is: vele Boeren vinden daar het brood...ik denk het is de moeite waard voor enige...boer om de boerderij van de heer Marks een besoek te brengen..."[174] *De Volkstem* het in 1908 berig dat "mielie-aanplant op grote schaal" op Lewis en Marks se landgoed naby Vereeniging 'n oesopbrengs van 20 000 sakke mielies gelewer het. Daarbenewens het een van Marks se ander bestuurders, 'n Skot, ene Maclaren, in samewerking met 'n goewermentsplantkundige, Burt Davy, 'n standaard mieliesoort wat vir die hoëveld geskik sou wees, veredel en vir kommersiële doeleindes beskikbaar gestel. Proefnemings met mieliekultuvars sou egter voortgesit word sodat die landboubedryf voordeel daarvan getrek het.[175] *De*

---

171 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 158.
172 *De Volkstem* , 21, 24, 28 Maart 1906.
173 *Ibid.*, 21, 24, 28 Maart 1906.
174 *Ibid.*, 10 November 1904.
175 *Ibid.*, 27 November 1908.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volkstem se verteenwoordiger was baie beïndruk met *de stoomploeg* waarmee weer op groot skaal op *Vereeniging Estates* geploeg is. Daarbenewens het die maatskappy, benewens landbou en die steenkoolbedryf, ook sukses behaal met sy graanmeule, fabriek waar "bouw-stenen, pannen en ander aardenwerk in gang gebouden,"[176] wat beteken dat Marks die Boere se spreekwoord "om nie al jou eiers in een mandjie te pak nie," nagekom en uitgeleef het.

Mendelsohn wys ook daarop dat Marks mense wat landbou wou beoefen se lot swaar op sy hart gedra het en dat hy by die owerhede aanbeveel het dat 'n landbank vir die voordeel van Transvaalse landbouers opgerig behoort te word. Hierdie pleidooi het aanvanklik op dowe ore geval. Hierna het Marks £1 000 as 'n beurs bewillig vir jong mense wat op die owerheid se landbounavorsingsplase wou studeer.[177] Daar kan nie vasgestel word of enige Jode van Marks se boerderyskema gebruik gemaak het nie, maar daar was Jode wat hulle wel op hulle eie tot die landbou gewend het. Sò een was E. Lazarus, 'n winkelier van Middelburg, wat byna al sy besittings gedurende die Ango-Boereoorlog verloor het en wat sonder enige formele landbouopleiding na die oorlog in die Kinross-omgewing aartappels en mielies verbou het. Lazarus was sò suksesvol dat hy spoedig in die Oos-Transvaal as die "mieliekoning" bekend gestaan het.[178] Die Joodse skrywer, A. Markowitz, beweer dat hierdie Jode sò goed by die landelike boerderygemeenskap ingeskakel het dat "the language of many a Jewish home in the country is not Yiddish or English - but Afrikaans."[179]

Phillips was tydens sy reise in die Oos-Transvaal beïndruk met die uitsonderlike natuurskoon en die "glories of our virgin forests and waterfalls,"[180] dat hy twee eiendomme, die Westfalia en Broederstroom landgoedere, aangekoop het. Phillips kon sò sy droom vervul om 'n "Fairyland" te ontwikkel waar hy tropiese en subtropiese gewasse gekweek het en met perde en beeste geboer het.[181]

---

176 *Ibid.*, 26 Maart 1909.
177 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 149.
178 W. J. de Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 3, 1973, p. 516.
179 A. Markowitz, Spotlight on the Jews of the dorps. In *Jewish Affairs*, November 1981, p. 69.
180 L. Phillips, *Some reminiscences,* 1924, p. 83.
181 *Ibid.*, pp. 83-85.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat die Jood I. Gundle (Gundelfinger), daarvan bewus geword het dat eiers selfs vanaf Rusland ingevoer is, het die idee by hom posgevat om die eierbedryf te betree. Hy was aanvanklik om die verspreiding van pluimveesiektes te voorkom, nie toegelaat om broeihoenders in te voer nie en het besluit om 'n broeimasjien met eiers en al in te voer. Twee dae nadat die skip met dié kosbare vrag geland het, het die eiers uitgebroei en moes Gundle, kuikens groot maak. Van invoerder van eiers het Suid-Afrika spoedig 'n uitvoerder geword en kan Gundle beskou word as een van die vaders van die pluimveebedryf.[182] Met verloop van tyd het pluimvee so gewild geword dat 'n pluimveevereniging tot stand gekom het.[183] Tydens die jaarlikse pluimveetentoostellings is Hess, die sekretaris van die *Poultry and Kennel Club,* geloof vir sy geduld en uithouvermoë met die organisasie van die uitstallings wat selfs duiwe en ander siervoëls ingesluit het.[184] Teen 1905 is die klub se derde tentoonstelling in Pretoria gehou waartydens 1020 stuks pluinvee van verskillende rasse en soorte vertoon is en Marks se vrou, mev. Bertha Marks, ywerig deelgeneem en pryse gewen het.[185] Benewens sy belangstelling in pluimvee het Hess ook verskillende honderasse uit ingevoerde bloedlyne geteel en te koop aangebied.[186] Die Joodse historikus, M. Arkin, beweer dat die meeste Jode hulle boerderye op 'n wetenskaplike wyse aangepak het sodat hulle weldra ook prominente produsente van aartappels, heuning en vrugte geword het.[187]

Beit, wat in Brittanje gewoon het, se boerdery op *Frankenwald Estate* naby Johannesburg, wat 2 000 akker groot was,[188] het tenspyte van 'n kwaai droogte, floreer. Dit was moontlik gemaak deur die bestuursvernuf van G. Genth, wat voorheen die *Sachsenwald Estates* van E. Lippert ontwikkel het.[189] Benewens wingerdbou, is 1761 vrugtebome, soos appel-, perske-, pruim-, kweper-, vye-, kersie- en okkeneutbome ook vir kommersiële doeleindes aangeplant.[190] Beit het

---

182 M. Robertson, Investing talent in the Witwatersrand: Jewish traders, craftsmen and small entrepeneurs. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, p. 130.

183 *The Star,* 5 January 1903.

184 *The Pretoria News*, 19 May 1903.

185 *IIbid.,* 8 June, 1905.

186 *Ibid.,* 21 May 1903.

187 M. Arkin, The Jewish impact on economic progress. In *Jewish Affairs*, May, 1960, p. 24.

188 G. S. Fort, *Alfred Beit: A study of the man and his work*, 1932, pp. 172-173.

189 J. R. Shorten, *The Johannesburg saga*, 1970, p. 122.

190 *The Star,* 22 July 1905.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die *Frankenwald Estate* in 1904 onder sekere voorwaardes aan die owerheid geskenk met die doel dat 'n universiteit[191] wat sou spesialiseer in mynbou en landbou daar opgerig sou word.[192] Nadat die owerheid hierdie skenking nie dadelik opgeneem het nie, het die behoefte by lede van die boerderygemeenskap ontstaan dat die skenking vir 'n landboukollege gebruik sou word. Hierdie aansoek kon nie toegestaan word nie aangesien dit Beit se uitdruklike wens was dat 'n universiteit opgerig sou word.[193] Na Beit se afsterwe 1906 het die geld in die Beit Trust beland[194] en het die skenking van die *Frankenwald Estate* wye belangstelling in die pers geniet. In 'n spotprent het *The Star* goediglik gehekel met die Minister van Onderwys, Smuts, wat 'n "tripartheid university" in Johannesburg, Pretoria en *Frankenwald* sou beplan.[195] 'n Skrywer wat die ontstaansgeskiedenis van die Universiteit van Witwatersrand geboekstaaf het, B. K. Murray, verduidelik dat: "What is clear is that in seeking in 1909-10 to divert the Beit bequest to a national university in Cape Town, Smuts was acting in what he deemed to be of national interest.[196]

Joodse afslaers het as tussengangers vir produsente en voornemende kopers van vee, produkte, eiendomme en implemente, opgetree by veilings wat in stedelike- en landelike gebiede aangebied is. Sulke veilings, waarvan die besonderhede vroegtydig en deeglik in die koerante beskryf is, was nie net vir besigheidstransaksies belangrik nie, maar was ook sosiale geleenthede waar vriendskappe tussen belangegroepe soos byvoorbeeld perde- en beestelers, gevorm is. Tydens die *Pretoria Paarden tentoonstelling*, het Joodse afslaerfirmas, soos dié van A. Lazarus, Lithauer en Lezard, pryse geborg. Tydens 'n veiling wat vir "Paarde Fokkers en Anderen" aangebied is, het Lithauer sonder reserwe "15 ruin paarden en 9 merries namens De Districts Kommandant Z. A. Konstabelmacht" te

---

191 TAB GOV 852 PS 22/18/ 05. Re: Alfred Lyttleton, se erkenning van Beit se skenking, 1905; S. G. Fort, *Alfred Beit: A study of a man and his work*, 1932, p. 173.

192 *The Star,* 30 September 1904; B. K. Murray, *Wits, The early years: A history of the University of the Witwatersrand, and it's precursers,* 1982, p. 21.

193 TAB TAD 834 G 4824/09. Re: N. Neser skrywe aan Direkteur van Landbou, Pretoria, 1909; B. K. Murray, *Wits, The early years: A history of the University of the Witwatersrand, and it's precursers,* 1982, p. 21.

194 A. Beit and J.G. Lockhart, *The will and the way*, 1957, pp. 71-72.

195 *Ibid.*

196 B. K. Murray, Wits, *The early years: A history of the University of the Witwatersrand, and it's precursers,* 1982, p. 26.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

koop aangebied.[197] *Lezard & Company* het verskillende veilings in Pretoria, Johannesburg, Middelburg en Standerton gehou waar hulle "O.H.M.S-sales," namens die Transvaalse owerheid, behartig het.[198] Die firma H. M. Cohen & N. Levy was afslaers wat wooneiendomme en huishoudelike goedere op stedelike veilings aangebied het.[199] Maar dit is C. M. de Vries, wat in sy vader, M. de Vries, se voetspore sou volg, wat deur die "Curatoren van de Insolvente Boedel" van die Jood L. A. Feinberg, versoek is om sy eiendomme op te veil.[200] Die talle insolvensies wat onder *Gentiles,* maar ook Jode soos D. H. Benjamin [201] en selfs by die juwelier B. Danziger voorgekom het, was die tragiese gevolg van die ekonomiese resessie.[202] Die slegte skulde van die koerant *The Critic* van die Jood H. Hess in Johannesburg, het ook tot insolvensie gelei.[203]

JODE SE BETROKKENHEID BY OPENBARE AANGELEENTHEDE

Dié vertrouensverhouding wat van die begin af tussen die na-oorlogse owerheid en die kosmopolitiese Joodse *Randlords* en ander vooraanstaande ondernemers ontstaan het, het meegebring dat Jode aangemoedig is om met vrymoedigheid aan owerheidsinstellings deel te neem.[204] Tydens die Koloniale Sekretaris, Chamberlain, se besoek aan Johannesburg in 1902 het hy die moontlike vorming van 'n "verantwoordelike regeringstelsel" waarin die Boere 'n aandeel sou hê, met Jode soos Marks en H. Graumann bespreek. Tydens hierdie gesprek het Graumann hom verseker dat sò 'n regeringstelsel heelhartig aanbeveel kon word, aangesien hy oortuig was dat dit noodsaaklik sou wees om te verseker dat Boere en Britte versoen sou word.[205] Die historikus, S. A. Rochlin, beweer dat dié vrymoedigheid om aan die openbare lewe deel te neem, daaraan toegeskryf kan

---

197 *De Volkstem*, 6 Julie 1907.
198 *The Pretoria News*, 23 May 1904.
199 *Ibid.,* 25 April 1904.
200 *De Volksstem*, 9 Desember 1905.
201 *Ibid.,* 30 Julie 1904.
202 *The Star,* 24 May 1906.
203 *Ibid.*, 2 November 1905.
204 E. Bradlow, Beyond the ghetto: Lionel Goldsmid, the South African Jewish Chronicle and the creation of a South African identity in the early twentieth century. In *Jewish Affairs*, Autumn 1998, p. 10, soos aangehaal uit *South African Jewish Chronicle* 3(19), 9 November 1906.
205 N. Mendelow and M. Robertson, Jews in public life: Sir Harry Graumann, first mayor of Johannesburg. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915, 1991*, pp. 218- 219.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word dat "no restrictions whatsoever on their franchise, no impediments to their rights as citizens," aan Jode opgelê is nie.[206] 'n Ander historikus, D. L. Sowden, beweer op haar beurt dat: "A new Jew was emerging who not only fitted in the general social and civic pattern, but took his place in the political life of Transvaal."[207] Daarom is Jode in verantwoordelike openbare betrekkings aangestel. Die Hollandse Jood, N. J. van den Berg, het byvoorbeeld sy pos as kriminele landdros in Johanneburg onder die nuwe bewind tot en met sy aftrede in 1915 behou.[208] Die *Kantoor van den Sheriff van Transvaal* het ook weer van J. C. Juta se dienste as 'n balju gebruik gemaak om 'n *Gerechtelijke Verkoopings,* soos dié namens 'n eiser, R. Samuel, waar te neem.[209]

Die owerheid het in 1901 'n genomineerde stadsraad in Johannesburg met 'n voorsitter in plaas van 'n burgemeester ingestel. In 1903 is 'n *Municipal Election Ordinance* opgestel wat kriteria vasgestel het waarvolgens die Johannesburgse munisipaliteit sou funksioneer. Langermann was die enigste Jood wat op hierdie raad gedien het. Hy was gemoeid met die *Parks and Estates Committee*.[210] Dit het beteken dat Langermann betrokke was by probleme wat stofstrate, dreinering van water en straatverligting meegebring het.[211] Nadat die Johannesburgse stadsraad anderskleuriges verbied het om op die sypaadjies te stap, is die besluit gekritiseer omdat "Municipal Madness [was] designed to prevent impudent natives and coloured persons from 'scorching' in the streets to the inconvenience and discomfort of responsible members of the community."[212] Langermann wat hierdie besluit verdedig het, is van negrofobie beskuldig, aangesien hy as 'n Jood veronderstel was om verdraagsaam teenoor andere te wees.[213] In 1904 is Graumann ook tot die Stadsraad verkies. As raadslid was hy by die finansiële komitee betrokke, wat tydens die depressiejare 'n baie groot verantwoordelikheid

---

206 S. A. Rochlin, 1910: Some Jewish highlights. In *Jewish Affairs*, May, 1960, p. 9.
207 S. L. Sowden, The Transvaal Jewry, 1902-1910. In G.Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 223.
208 E. L. P. Stals (red.), *Die Afrikaner in die goudstad (1), 1886-1924,* 1978, p. 63.
209 *De Volkstem*, 8 Oktober 1904.
210 N. Mendelow and M. Robertson, Jews in public life: Sir Harry Graumann, first Jewish mayor of Johannesburg. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887--1915,* 1991, p. 219.
211 *The Star*, 29 April 1904.
212 *The Pretoria News*, 26 January 1905.
213 *Ibid.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was. In 1907 is Graumann tot voorsitter van hierdie komitee verkies. Hy het op 'n vernuftige wyse, maar in die geheim, 'n reserwefonds opgebou wat die stadsraad in staat gestel het om die stadsaal te kon bou. Toe die ongetroude Graumann in 1909 as burgemeester verkies is, moes sy suster, mev. D. W. Sims, as burgemeesteres optree.[214] Die politikus, R. Goldman, wat in 1907 ook op die Stadsraad gedien het, moes later bedank toe hy tot die Transvaalse Wetgewende Raad verkies is.[215]

Die Hollander, C. M de Vries was in Pretoria waarskynlik 'n bekwame sakeman aangesien 80 lede van die gemeenskap hom genomineer het toe *Gemeente Verkiezingen* in September 1902 gehou sou word. De Vries het dié nominasie met dank aangeneem, maar hoewel hy deur lede van die Progressiewe party genomineer is, het hy as 'n Onafhanklike lid op dié raad gedien.[216] *The Pretoria News* het in 1904 in 'n byvoegsel die fotos van die lede van die Pretoria se stadsraad gepubliseer waarop De Vries, ook op die foto verskyn het. As raadslid was De Vries, saam met vier ander lede, gemoeid met die werksaamhede van die *Public Health Committee.*[217] Volgens die munisipale ordonansie moes een derde van die stadsraadslede elke jaar aftree, sodat ander Jode, soos J. P. Hess as 'n Progressiewe lid, en E. Lilienfeld as 'n Nasionalis, ook later op die Stadsraad gedien het.[218] In die landelike gebiede soos Ermelo, Springs, Vereeniging, Roodepoort en Rustenburg het Jode ook as raadslede op die plaaslike bestuursliggame gedien. Teen 1905 was daar Joodse burgemeesters in verskeie landelike gebiede: C. Landau, in Standerton en J. Seehoff in Krugersdorp en in 1908 was D. Wasserberg die burgemeester in Barberton. Daarbenewens was daar talle Joodse Vrederegters, waarvan Abner Cohen in Krugersdorp die bekendste was. [219]

Die owerheid het 'n *Transvaal Legislative Council* in 1903 ingestel waarop, benewens 'n aantal *Gentiles* ook Jode soos H. Solomon ("the people's Harry"), I. M.

---

214 N. Mendelow and M. Robertson, Jews in public life: Sir Harry Graumann, first Jewish mayor of Johannesburg. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887--1915,* 1991, p. 221.

215 *The Star* 26 February 1907.

216 *Ibid.,* 18 October 1904.

217 *Pretoria News*, 22 August 1904.

218 *Ibid.,* 12 Oktober 1909.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Goodman en die *Gentile* Farrer, gedien het. Die werksaamhede van die Wetgewende Raad is gereeld in *The Pretoria News* gerapporteer en die bydraes van die lede tydens debatte bespreek. Die openingseremonie van dié Raad in Mei 1903 was beskryf as 'n glansgeleentheid waartydens 'n groot aantal genooide gaste teenwoordig was, toe die aangewese lede ingesweer is.[220] Kort nadat dié Wetgewende Raad geopen het, het *The Pretoria News* byvoorbeeld geskryf dat "Mr. Solomon has a mania for questions and motions," wat veral met die arbeidskwessie en die moontlike invoer van Sjinese verband gehou het.[221] Taalgebruike het vanselfsprekend onder skoot gekom sodat Solomon voorgestel het dat "a Commissioner of Lands who could speak the Taal" aangestel moes word, om kommunikasieprobleme die hoof te bied.[222]

Hoewel heelwat kritiek in die koerante oor administratiewe aangeleenthede uitgespreek is, het Farrar vir die prokureur-generaal, sir R. Solomon, geloof vir die wyse waarop sy departement gefunksioneer het en bygevoeg "the Attorney-General was too old a bird to take much notice of unfriendly newspaper criticisms."[223] Farrar het ook die lede van die Wetgewende Raad meegedeel dat hy die gevangenis in Pretoria kort tevore besoek het en ervaar het dat "management had vastly improved since he was there last as a temporary resident, at which reminder of the Reform days the House smiled indulgently."[224] E. P. Solomon was deurgaans krities teenoor die Milner-administrasie ingestel sodat *The Pretoria News* berig het: "Mr. E. P. Solomon's speech is at least frank. It is an open declaration of war upon the Imperial factor in the Transvaal."[225] Solomon was 'n voorstaander daarvan dat 'n verantwoordelike regeringstelsel, waar die lede verkies word, ingestel sou word.[226]

In 1905 is E. P. Solomon as die leier van *The Transvaal Responsible Government Association* verkies, wat 'n nuwe politieke bedeling beding het. Maar Phillips het met sy slagspreuk tydens 'n openbare vergadering, "United we stand," daarop

---

219 D. L. Sowden, Transvaal Jewry 1902-1910. In G.Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, pp. 223-226..

220 *The Pretoria News, 10 June 1903.*

221 *Ibid.*, 12 June 1903.

222 *Ibid.*, 27 July 1904.

223 *Ibid.*, 12 June 1903.

224 *Ibid.*, 18 July 1903.

225 *Ibid.*, 16 January 1905.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangedring dat al die Uitlanders op politieke gebied moes saamstaan. Phillips het dit bekelmtoon dat: "They must remember that when the Boers were dominant here he placed the Uitlanders on a plane of inferiority."[227] Vir Phillips was dit belangrik om te voorkom dat sò 'n politieke stelsel weer ingestel sou word. Hierna het Phillips en E. P. Solomon hulle sienswyses oor die sosio-politieke aangeleenthede en verhouding tussen Boer en Brit, in die pers verder gevoer en verdedig. Dit was duidelik dat die "Joodse stem" oor politieke aangeleenthede nie eenvormig was nie.[228] Farrar, die leier van die Progressiewe Party, het in sy verkiesingsmanifes die gehoor oor die sosio-ekonomiese situasie in Transvaal ingelig en verseker dat "Wij zijn allen deelgenoten in de mijnen...de deelgenootschap zijn altyd heel aangenaam ge weest..."[229] Met die Sjinese-kwessie wat op almal se gemoed was, was dit egter duidelik dat "hierdie deelgenootschap" waarna Farrar verwys het, nie werklik heel aangenaam was nie.[230]

In 1906 het E. P. Solomon die leier van die *Transvaal National Association* geword waarby Jode soos H. en R. Solomon ook ingeskakel was.[231] Hierdie vereniging het besluit om ander partye te nader om met hulle oor die Britse regering se houding ten opsigte van "de nieuwe Konstitusie inzake de kontrole oor kaffers en koelies,"[232] standpunt in te neem. H. Solomon het tydens 'n dinee by die *Goldfields Club* die teenwoordiges in 'n toespraak verseker dat buitelandse beleggers sou huiwer "to put their money in the Transvaal unless they were satisfied that the two great sections [whites] of the people in the country were living at peace with each other."[233] Hy het voorts daarop gewys dat Asiate as arbeiders in die myne geduld kon word, maar nie as handelaars toegelaat moes word nie omdat dit sou beteken dat hulle sou "compete with...the white man," waaroor H. Solomon toegejuig is. Maar hy het ook

---

226 *The Star*, 12 December 1904, 24 October 1905.

227 *Pretoria News*, 17 April 1905.

228 *The Star*, 22, 26 April 1905; E. Bradlow, Beyond the ghetto: Lionel Goldsmid, the South African Jewish Chronicle and the creation of a South African identity in the early twentieth century. In *Jewish Affairs*, Autumn 1998, p. 10, soos aangehaal uit *South African Jewish Chronicle* 3(53), 9 September, 1910.

229 *De Volkstem*, 25 April 1906.

230 *Ibid.*

231 M. Rabinowitz, The family of Saul Solomon. In M. de Saxe and I. M. Goodman (eds.), *The South Africa Jewish year book*, 1929, pp. 234-235, verduidelik die broers E. P. en R. Solomon, se Joodse afkoms. H(arry) Solomon was die seun van H. H. Solomon een van die pioniers van die Lydenburgse goudvelde.

232 *De Volkstem*, 1 Desember 1906.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bygevoeg dat "the native problem was the greatest that South Africa would face...to rule the native with justice and firmness...,"[234] wat net kon geskied indien 'n verantwoordelike regeringstelsel ingestel sou word. R. Solomon, wat hom ook tot die politiek, naamlik *Het Volkparty*, gewend het, kon volgens een koerant tydens sy verkiesingstoespraak nie daarin slaag om die kiesers te oortuig dat hy 'n betroubare lid sou wees nie. *Land en Volk* het berig dat "The crowd hungered for bread - and was given yeast. It expected to see a Man - it saw a reed shaken by every wind in the political heavens."[235] Daar is oor R. Solomon beweer dat, "hij wilde...dat de kaffers humaan en rechtvaardig werden behandeld...dat de naturellen vertrouwen hadden in het Goevernment omdat zij wisten dat dat goevernment rechtvaardig was."[236] Maar deurdat R. Solomon al die foute wat hy tydens sy loopbaan gemaak het, en dinge wat hy nagelaat het om te doen daaraan toegeskryf het dat "because other people forced me," het hy homself in 'n swak lig gestel en dat dit waarskynlik daartoe bygedra het dat hy nie tot die Wetgewende Raad verkies is nie.[237] *The Star* was openlik krities teenoor die Solomons ingestel en het geskryf "The Old Book was content with showing one Solomon 'the wisest man that ever lived'...unfortunately the Transvaal is burdened with three of that ilk trying to prove themselves such."[238] *De Volkstem* het die Progressiewe Party met sy "reptile press" beskuldig van "vilification of Sir Richard Solomon...and willful falsehood has been employed in the attempt to blast forever of him whom...our only hope of political salvation."[239]

Nadat aangekondig is dat 'n verkiesing gehou sou word, is Jode wat hulle verkiesbaar gestel het dikwels "cajoled, maligned, dispised" wat aanleiding tot die opmerking, "all phases of our peoples' history, short of active persecution, have been seen in miniature during the past few weeks," gegee het.[240] Hoewel elke party die guns van die Jode wou wen, was Jode vry om te kies vir wie hulle wou stem. Marks, wat aanvanklik 'n anglofiel was, is deur Farrar vir 'n bydrae genader. Maar hy was nie openlik by die politiek betrokke nie en "swung from Krugerism through

233 *The Star*, 21 November 1904.
234 *Ibid.*
235 *Land en Volk*, 25 Januarie, 1907.
236 *Ibid.*
237 *Ibid.*
238 *The Star*. 28 April 1905.
239 *De Volkstem* 6 March 1907.
240 SAJBD argief: Transvaal parliamentary elections & Jews. 22 March 1907.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Milnerism to Het Volkism," wat Mendelsohn beskryf het as "an impressive feat of political acrobatics."[241] Tydens hierdie 1907-verkiesing het die *Transvaal Progressive Association,* die Arbeidersparty en die Onafhanklikes saam 26 setels verower, teenoor *Het Volk* en die Nasionale Partye se totaal van 42 setels. Dit het "Max Langermann in 't Hogerhuis en de heren R. Goldman, en Harry Solomon in het Lagerhuis" toegelaat,[242] en E. P. Solomon is as die *Minister van Publieke Werken* aangestel.[243] Ander Jode, soos E. Nathan en Graumann, het hulle ook verkiesbaar gestel, maar was nie suksesvol nie.[244] *The Star* het dié verkiesing goediglik in 'n reeks spotprente as 'n "Political circus" bestempel. Daar was egter geen beduidenis van enige neerhalende opmerkings teenoor Jode of anti-Semitisme in hierdie spotprente te bespeur nie.[245]

JOODSE GEMEENSKAPSLEWE

Die Joodse gemeenskapslewe het tydens die Anglo-Boeroorlog, hoewel op 'n klein skaal, eers onder die Boere en daarna onder die Britse bewind, bly voortbestaan. Die Jode se pogings om tydens die Anglo-Boereoorlog op verskillende wyses die gemeenskap te dien het nie ongemerk by die nuwe na-oorlogse owerhede verby gegaan nie. Die privaatsekretaris van kolonel N. Chamberlain het 'n brief aan B. Aaron gerig waarin hy die Jode wat by die ambulansdiens betrokke was, bedank het vir die ondersteuning wat hulle tydens die slag van Elandsfontein aan siekes en gewondes verleen het. Daarbewenens is waardering ook uitgespreek vir die gebruik van die Joodse skool wat tydens die oorlog as 'n hospitaal ingerig is en vir die wyse waarop Jode ondersteuning aan die Britse medici verleen het.[246]

Die Joodse gemeenskappe in Johannesburg en Pretoria het aan diegene wat geleidelik teruggekeer het, broodnodige ondersteuning verleen. Die *Chevra*

---

241 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal"*, 1991, p. 154.
242 *De Volkstem*, 5 Oktober 1907.
243 *Ibid.*, 21 September 1907.
244 G. Saron, The long road to unity. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, pp. 257-258.
245 *The Star*, 2, 5, 7, 9, 16, 19, 20, 23, 26, 28 February 1907.
246 SAJBD argief: Brief: Dokument 124. N. Chamberlain aan B. Aaron, 2 Junie 1900.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kadisha,[247] se dienste was soos gedurende die oorlog, veral in aanvraag aangesien talle Jode en nuwe immigrante tydens hierdie depressiejare, sosiale ondersteuning nodig gehad het.[248] Daarbenewens het die ander *Chevras,* (verenigings) wat tydens die oorlogjare tot stilstand gekom het ook herleef. Die *Ladies Benevolent Societies* het byvoorbeeld veral aandag aan die behoeftes van vroue en kinders geskenk; die *Bikkur Cholim Societies*, was ingestel om die siekes te ondersteun en die *Gmilut Chassadin*, het rentevrye lenings aan hulpbehoewende Jode toegestaan. Daarbenewens was daar ook *Chevras* wat na die belange van die jeug en oues van dae omgesien het soos die *Landslayt*-groepe waar Jode wat uit dieselfde Oos-Europese gemeenskappe afkomstig was, mekaar die nodige ondersteuning kon bied. Die *Jewish Ladies' Society* (JLS) het byvoorbeeld in 1904 'n *Dorcas Society* gestig wat klere vir die armes voorsien het. Daarbenewens het hulle 'n suksesvolle sopkombuis op die been gebring wat *Gentiles* en Jode gevoed het. Dit was ook hulle taak om kosjer-voedsel aan die Johannesburg Algemene Hospitaal vir Jode se gebruik te voorsien.[249] Die *Jewish Social Club* se doel was ook om met sy tweeweeklikse danse sy lede die geleentheid te gee om "pleasant social reunions" te bewerkstellig waar nuwe aankomelinge by die gemeenskap kon integreer.[250] Dit was, soos die notule van die *Jewish Social Club* getoon het, geen maklike taak om finansiële ondersteunig te verleen nie aangesien geld skaars was.[251] Soos voorheen het Joodse vroue se sosiale geleenthede[252] om fondse vir hulle welsynswerk te genereer ook as ontspanning gedien.[253] Dié welsynsverenigings, wat meesal die verantwoordelikheid van vroue was, het daaroe bygedra dat "[a]

---

247 *The Star* 11 September 1902. In hierdie uitgawe het die *Chevra Kadisha* verslag gedoen oor die wye verskeidenheid werksaamhede van die vereniging van 1899 tot 1902.

248 J. I. Simon, Pulpit and platform: Herz and Landau. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, pp. 182-184; M. Robertson and M. Kaplan, Johannesburg first organised social welfare work. In Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, p. 108.

249 R. Norwich, Jewish women in early Johannesburg. In *Jewish Affairs*, Winter 1993, p. 91.

250 *The Star* 9 June, 14 July 1904.

251 *Ibid.*, 27 June 1904.

252 *Ibid.*, October 1902 adverteer die "Simchas Torah" a bal wat die Joodse vroue se welsynsvereniging aangebied is.

253 *The Star*, 24 March 1905.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

strong feeling of group solidarity and of responsibility for one's co-religionist..."[254] ontstaan het.

Die Joodse gemeentelike lewe het na die oorlog weer opgebloei en verskillende kleiner gemeentes soos dié in Volksrust (1902),[255] Jeppestown (1902), Doornfontein (1904), en Bethal (1906), het tot stand gekom,[256] en in 1906 is die hoeksteen van 'n nuwe sinagoge in Fordsburg onder groot belangstelling gelê.[257] Hoewel die *SAJC* die amptelike koerant van die Joodse gemeenskap was, het hulle steeds die advertensiekolomme van die nuusblaaie gebruik om basiese inligting bekend te stel. Sò byvoorbeeld het die *Johannesburg Hebrew Congregation*, die *Witwatersrand Old Hebrew Congregation* en die *Orthodox Hebrew Congregation,* spesiale dienste tydens die kroning van Koning Edward VII van Brittanje, op een bladsy in *The Star* geadverteer.[258] Kennisgewings oor feesdae soos die Joodse Nuwejaar het die *Gentiles* daaraan herinner dat die Johannesburgse JSE vir die dag sou sluit. Tydens Paasfees het verskeie maatskappye *matzos,* ongesuurde broodjies en ander lekkernye geadverteer om te verseker dat aan die groot vraag voldoen kon word.[259] Hierdie feeste het geestelike vernuwing meegebring[260] sodat sekere Jode gedroom het om dié feeste die volgende jaar in Jerusalem te vier.[261]

Hertz, die Anglo-Joodse rabbi van die *Old Hebrew Congregation,* het ook die ander gemeentes wat ontstaan het, ondersteun, die talle Joodse verenigings gestimuleer en dienste op Vrydagaande 'n instelling gemaak. 'n Nuwe leeraar, dr. J. L. Landau, het in 1903 die pos as rabbi van die *Johannesburg Hebrew Congregation* aanvaar. Landau, was net soos Hertz, 'n goed gekwalifiseerde en ten volle opgeleide rabbi, maar was van Oos-Europese afkoms. Vir die volgende sewe jaar was hierdie twee bekwame rabbis, wat uiteenlopende denkwyses gehuldig het, genoodsaak om saam te werk. Maar dit was algemeen bekend dat dit 'n moeilike verhouding was sodat

---

254 G. Greenblatt, The changing pattern of Jewish welfare work. *In Jewish Affairs*, May 1960, p. 51.
255 *The Star,* 11 June 1902.
256 M. de Saxe and I. M. Goodman (eds.), *The South African Jewish Year Book,* 1929, pp. 280-281.
257 *The Star,* 26 April 1906.
258 *Ibid.,* 25 June 1902.
259 *Ibid.,* 12 March 1904.
260 *Ibid.,* 2 October 1902.
261 M. Shain, 'n Eeu van Joodse stryd. In *Insig,* Desember 1997, p. 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle gemeentes ook as "rival Congregations"[262] beskou is, en konflik soms onvermydelik was. Dit was gou duidelik dat Hertz se gemeente liberaal ingestel was en gebruike gehandhaaf het wat vir die ortodokse Landau heeltemaal onaanvaarbaar was. Een gebruik was byvoorbeeld dat gemengde kore, waar mans en vroue saam opgetree het, in Hertz se erediens toegelaat is, wat vir Landau en die *Ostjuden* afstootlik was.[263] Hierdie uiteenlopende beskouings het daartoe bygedra dat 'n gemeenskaplike *Beth Din*, 'n Joodse hof, nie moontlik was nie,[264] ten spyte daarvan dat die doel van die Joodse geloof en leefwyse om "[a] light of the nations" te wees soos dit in Jesaja 42 uitgespel is.[265] 'n Faktor wat die Joodse gemeenskap, ten spyte van verskille in denkwyse saamgebind het, was die Joodse geloofsbelydenis waaroor eenstemmigheid bestaan:

> The existence of a perfect Being, the author of all creation; God's unity; his incorporeality; his pre-existence; worship without intermediary; belief in the truth of the prophesy; uniqueness of Moses; the Torah in its entirety is divinely given; the Torah is unchangeable; God is omniscient; He punishes and rewards in the afterlife; the coming of the Messiah; the resurrection.[266]

Herz en Landau was egter ook albei toegewyde Sioniste. Omdat dit "normative, not only for the Litvak immigrants to South Africa but also for the acculturated Anglo-Jews...,"[267] was, is die Sioniste Federasie nie nadelig deur die eiesinnigheid van die twee rabbis beïnvloed nie. Sionisme het verskillende betekenisse gehad, vir die meeste mense het dit onder andere sosiale waardes soos vryheid, geregtigheid, gelykheid, medemenslikheid, identiteit en stabilteit ingehou.[268] Daar was ook diegene wat meer kultureel ingestel was en wat oor Sion (Jerusalem) as 'n geestelike tuiste gedroom het en 'n tradisionele samelewing in 'n eie tuisland begeer

---

262 J. I. Simon, Pulpit and platform. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, p. 186.

263 M. Robertson and M. Kaplan, Johannesburg first organised social welfare work. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers,Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, p. 108.

264 J. I. Simon, Pulpit and platform: Herz and Landau. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, pp.187-191; G. Shimoni, *Jews and Zionism: The South African experience 1910-1967*, pp. 12-26, gee 'n leersame oorsig oor die JBD, Sionisme en die gemeentelike verhoudings.

265 D. L. Sowden, Light of the nations. In *Jewish Affairs*, December 1979, p. 49.

266 P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 162.

267 G. Shimoni, *Jews and Zionism: The South African experience 1910-1967*, p. 27.

268 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1953 met A. L. Meyer gevoer is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het.[269] Ander Jode soos die *Bundists* was sosialisties en anti-Sionisties ingestel en het 'n eie nasiestaat met 'n sekulêre en egalitêre samelewing begeer.[270]

Dat Sionisme as 'n vryheidstrewe 'n belangrike rol in hierdie typerk gespeel het, kan uit 'n besondere voorval afgelei word. M. Schwartz, (voorheen Karnovsky) was 'n Boerejood wat as krygsgevangene by sy terugkeer in Ermelo, waar sy besigheid totaal en al geruïneer en sy woning afgebrand was, het spoedig 'n gewaardeerde vriendskap met die Britse magistraat in Standerton, kolonel Joshua Wedgewood, opgebou. Wedgewood, het nadat hy na Brittanje teruggekeer het, aan die *Zionist Record* in Londen geskryf: "I learnt my Zionism and my affection for the Jews at Ermelo on the High Veld, from a Russian exile Maurice Schwartz."[271] In 'n artikel wat later verskyn het, het Wedgewood geskryf dat hy in Ermelo geleer het dat "freedom is more desirable than anything else...that Zionism and freedom were intermingled."[272] Vir 'n ander Jood, A. L. Meyer, wat hoewel hy nie godsdienstig was nie, maar wel 'n "observing Jew" was, was Sionisme "a stabilising force," wat aan hom 'n gevoel van sekuriteit verleen het.[273]

Sionisme het saamgehang met die "Joodse probleem," wat wêreldwyd ervaar is en wat daartoe gelei het dat "the recognition of the Jews as a people and the finding by them of a legally recognized home,"[274] noodsaaklik geword het. In Londen het die leier van die Sionistebeweging, Herzl, met sy ideaal van 'n *Judenstaat*, met die Britse owerhede onderhandel om 'n eie tuisland vir die Jode in Palestina, te vestig. Maar Chamberlain, wat pas terug was van sy besoek aan Oos-Afrika, het geglo dat Oeganda 'n ideale plek vir 'n Joodse tuisland sou wees. Die voorkoms van pogroms in Rusland het Herzl op hierdie tydstip egter sò ontstel dat hy nie sy volle aandag aan hierdie voorstel kon gee nie. Hy het egter daarin geslaag om die Britse owerheid se belangstelling in 'n Joodse staat aan te wakker.[275]

---

269 M. Shain, 'n Eeu van Joodse stryd. In *Insig*, Desember 1997, p. 23.

270 J. Ancer, Next year in Jerusalem. In *Jewish Affairs*, September 1982, p. 117.

271 SAJBD argief: *The Zionist Record*, 1 June 1928; SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1951 met L. Schwartz, dogter van Schwartz, gevoer is.

272 SAJBD argief: *The Zionist Record*, 21 February 1930; SAJBD argief: *Die Hoëvelder*, 8 Julie 1927, skryf dat dit die agbare Wedgewood van Engeland is waar sy naam tans met sy keramiek-onderneming verbind is.

273 SAJBD argief: D. L. Sowden, onderhoud wat in 1952 met A. L. Meyer gevoer is.

274 P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 401.

275 *Ibid.*